Universiteit van Pretoria etd – Bothma, G (2004)

# HOOFSTUK 2

# 'n RAAMWERK VIR DIE ONDERSOEK

## 2.1 INLEIDING

Alhoewel hierdie 'n selfgeïnisieerde studie is, *"wat deur blote nuuskierigheid of verwondering, deur die wens om bestaande teorieë te toets of onontginde terreine betree, gemotiveer word"* (Mouton & Marais 1989:36), voldoen die navorsing konsekwent aan die grondbeginsels en eise van wetenskaplike navorsing (vgl o.a. Babbie 1986:71; Selltiz e.a. 1959:8-9). Die kwaliteit van die navorsingsbevindinge is direk afhanklik van die verantwoordbaarheid van die metodologie wat gevolg is. Ooreenkomstig die moderne wetenskapsfilosofie word daar aanvaar dat wetenskaplike gevolgtrekkings nie uitsluitlik op grond van empiriese bevindinge gemaak kan word nie en is *"in verskillende stadia van die wetenskaplike navorsingsproses en om verskillende redes"* aanvaar dat *"die aannames onderliggend aan spesifieke teorieë, metodologiese strategieë ens., wat nie in die betrokke studie getoets word nie"* waar is alhoewel hulle nie noodwendig empiries verifieerbaar is nie (Mouton & Marais 1989:196; 1990:198).

Hierdie kenteorieë, wat op 'n wetenskaplike manier die verstaan van die werklikheid wil verwoord, word deur Fay (1987:42) beskryf *"a model of science ... about what a scientific understanding of the world is ... not a theory about how the world functions"*. Hierdie (metateoretiese) voorveronderstellings en uitgangspunte konstitueer die wetenskapsteoretiese en teologiese vertrekpunte van die navorser. Hier word saamgestem met Dreyer (1999:46-47), wat daarop wys dat die driedeling meta-, basis- en praktykteorie nie meer deesdae streng gehandhaaf word in die praktiese teologie nie, maar dat die saak waarna die terme verwys relevant bly. Ook Müller (1996:1,16) verkies om die onderskeid tussen meta-, basis- en praktykteorie te vermy, alhoewel hy tog meen dat hierdie onderskeid funksionele waarde in die teoretisering oor teorieë het. Hierdie teorieë is vervleg en kan nie van mekaar losgemaak word nie. Die onderskeid word hierin gemaak, bloot ter wille van onderskeiding.

In die navorsing is gepoog om objektief te wees en alhoewel objektiwiteit en neutraliteit relatief is van aard, is so gehandel dat die navorser se persoonlike waardes nie die

uitkoms van die bevindinge beïnvloed het nie (Smith 1975:3; Williamson e.a. 1977:9-10). In hierdie hoofstuk word aandag gegee aan wetenskaplike voorveronderstellings en prakties-teologiese perspektiewe wat van belang is vir die studie. Dit word gedoen deur eerstens aandag te skenk aan bepaalde (1) wetenskaplike voorveronderstellings en daarna aan dié van (2) die praktiese teologie as wetenskaplik-teologiese dissipline en (3) die prediking. Hiernaas sal (4) 'n Pneumatologie, (5) 'n prakties-teologiese ekklesiologie sowel as (6) 'n antropologie as basisteoretiese grondlyne wat van belang is vir die ondersoek aan die bod kom en (7) die eise wat 'n veranderende situasie meebring vir die gemeente se effektiewe kommunikasie van die evangelie beskou word. Samevattend sal die konsekwensies wat hieruit voortvloei en wat belangrik is vir die benutting van die kerklike jaar deur die gemeente in haar kommunikatiewe handelinge in diens van die evangelie, veral met betrekking tot die prediking (8) aangetoon word.

Daar word dus deur hermeneutiese aktiwiteit by wyse van 'n literatuurondersoek getrag om die navorsingsprobleem te verstaan en te begryp. Die hoofstuk dien ter gelyke tyd die doel om deur hierdie konseptualisering van 'n raamwerk vir die basisteorie vir die benutting van die kerklike jaar deur die gemeente in haar kommunikatiewe handelinge in diens van die evangelie wat hierna volg, te laat plaasvind. Daar word nie hier daarop gefokus om die betrokke aspekte verder te herdefinieer nie, maar om 'n kursoriese terreinverkenning te doen as deel van die verwysingsraamwerk en beredeneringsbasis vir die res van die ondersoek. In die eerste hoofstuk is reeds heelwat gesê in hierdie verband en alles hieroor kan ook nie in die bestek van een hoofstuk gesê word nie.

## 2.2 WETENSKAPLIKE VOORVERONDERSTELLINGS

Hier word aanvaar dat daar reeds *"a specific body of knowledge that has evolved over time"* bestaan m.b.t. die kerklike jaar en daar word gepoog om deur *"the practices in which scientists are involved"* om hierdie werklikheid beter te verstaan en om 'n verdere bydrae te maak tot hierdie voortgaande proses (vgl Mouton 1996:13; Mouton & Marais 1989:3-17). Hier is voldoen aan die eise wat gewoonlik as integrale kriteria vir wetenskaplikheid gestel word, naamlik *"betroubaarheid, geldigheid en objektiwiteit"* en die uitsprake wat gemaak word, is *"uitsprake of stellings wat gebaseer is op wetenskaplike navorsing"* en daarom wetenskaplik van aard (vgl Mouton & Marais 1989:125-152).

Universiteit van Pretoria etd – Bothma, G (2004)

Dit is 'n natuurlike strewe van die mens *"om die werklikheid waarvan hy deel vorm te probeer begryp"* en die belangrikste wyse waarop hy sy ervaringe en belewinge vasgryp, is in uitsprake oor die werklikheid (Mouton & Marais 1989:3). In sy pogings om verskynsels te begryp, te verklaar en te verander, het die mens ver gekom sedert mites as *"immature science"* gedurende sy vroeë ontwikkeling verruil is vir wetenskap (Oden 1992:950). Heitink skryf hieroor: *"De opkomst van de sociale wetenschappen hangt saam met de snelle veranderingen, die zich in de sameleving voltrokken hebben. Het ging de beoefenaars van deze wetenschappen er allereerst om deze veranderingen te begrijpen en verklaren. Daarnaast ontdekken men de mogelijkheid toekomstige ontwikkelingen niet alleen te voorspellen, maar ook via begeleiding en planning te beïnvloeden"* (1993:195). Hier word gepoog om die kerklike jaar in die prediking te verstaan.

In verband met Kuhn (1970: 40-41) se paradigmabeskouing, word hierdie navorsing onderneem as normale wetenskapsbeoefening, m.a.w. binne en vanuit 'n dominante paradigma as 'n versameling gemeenskaplik aanvaarde prestasies (teorieë, model-oplossings, voorspellings, wette ens.). Die navorsing word dus onderneem (1) in verband met 'n bepaalde stel teorieë, (2) aan die hand van 'n bepaalde metodologie en besondere navorsingstegnieke wat deur die betrokke paradigma beskryf word en (3) m.b.t. bepaalde kwasie-metafisiese aannames en voorveronderstellings oor die navorsingsobjek (dit wat bestudeer moet word) en hoe dit bestudeer moet word (kriteria vir aanvaarbare wetenskapsbeskouing) (vgl ook Mouton & Marais 1989: 146-148).

Wetenskapsbeoefening het voor 'n kruispad te staan gekom: *"Ons is nou in 'n oorgangstyd wat ons beslis sal lei na 'n nuwe era, 'n nuwe geestesstroming in die wêreldgeskiedenis. Ons kan dit nie oorsien nie, ons het nie 'n behoorlike naam daarvoor nie (daarom word dit nog net as postmodern aangedui) en die kenmerke daarvan is vaag. Maar die dagbreek van 'n nuwe tydvak het opgedaag"* (Pieterse 1993:15). Die term postmodernisme word tans *"algemeen gebruik om die geestesklimaat van die hedendaagse Westerse kultuur te tipeer."* Oor enkele trekke van die postmodernisme is daar 'n groot mate van eenstemmigheid *"dat dit hoort tot die Westerse kultuur; dat dit die veelheid van kulture in die 'global village' erken, en dat dit gevolglik die konteksgebonde en subjektiewe karakter van oordele (ook wetenskaplike oordele) handhaaf"* (Schultze 1998:10,13; vgl Habermas 1991; Lyotard 1979; 1984).

Universiteit van Pretoria etd – Bothma, G (2004)

Postmodernisme *"dui op 'n groeiende eietydse bewussyn dat die optimistiese hoop van modernisme nie gerealiseer is nie, nie gerealiseer sal word nie, en ook nie behoort te word nie"* (Vos 1997:2). Wat wetenskap en wetenskapsbeoefening in die post-modernisme aanbetref, skryf Lötter (1995:35-39): *"In die postmoderne wêreld is daar vandag 'n indrukwekkende aantal akademiese dissiplines wat op wetenskaplike status aanspraak maak"* en skryf hy dat postmoderne denkers van mening is dat *"wetenskap-likes wat 'n bepaalde vakrigting beoefen, self die kenmerke van hulle eie wetenskaplike dissipline moet opstel. ... Vakwetenskaplikes moet self die verantwoordelikheid neem om vas te stel wat hulle bereid is om as wetenskaplik te laat deurgaan, of nie. ... ."*

Binne die postmodernisme as werklikheids- en wetenskapsbeskouing word gekies vir 'n integrale, wêreldbeeld, waarbinne die heelal en die natuur 'gedemistifiseer' is (vgl Joubert 1997:294). Hier word nie meer voorsiening gemaak word *vir "'n hiërargiese, van-bo-na-onder hantering van die waarheid nie"* en die klem verskuif *"weg van 'n eenmaal klaar geformuleerde waarheid, na 'n voortdurende ontdek van die waarheid"* en *"van waarheidskonsepte na die proses van soeke na die waarheid"* terwyl kennis en wetenskap meer lokaal as universeel ervaar word en onsekerheid en chaos ontdek word as *"betekenisvolle aspekte van menswees, teenoor die beroep op sekerheid en orde as enigste weerspieëling van die goddelike in die mens."* Binne so 'n wêreldbeeld kan die antieke, geestelike, materialistiese en teologiese wêreldbeelde van die verlede se tekortkominge verreken word en nuwe insigte verreken word (Müller 2002:1-4).

### 2.2.1 Metateoretiese grondslae

Vos (1997:18-19) wys daarop dat die praktiese teologie van al die handelingsteorieë wat daar in omloop is, die kommunikatiewe handelingsteorie gekies het as metateorie vir die wetenskaplike benadering van hierdie vakgebied vanweë die aard van die Christelike geloofskommunikasie. Wat betref die handelingsvelde wat bestudeer word, pas 'n hermeneuties-kommunikatiewe benadering. Hermeneutiese teorieë is ontwikkel in die lyn van Heidegger, Gadamer en Ricoeur (vgl Dingemans 1996; Heitink 1993: 174-194; Pieterse 1979; 1993:71-98; Vos 1995:20-52; Vos 1996) en wat 'n kommuni-kasieteorie aanbetref, word aangesluit by die dialogiese model van Gadamer (1975) en Habermas se kommunikatiewe handelingsteorie (Habermas 1982; vgl ook Heitink

1993:153; Pieterse 1993; Vos 1996a:170-196). Volgens Vos is daar in die homiletiek - waaronder hierdie studie tuishoort - *"talle metateorieë wat in 'n kreatiewe wisselwerking met die homiletiese situasie tot praktykteorieë kan lei. Die metateorieë bestryk die volgende konsepte: hermeneutiese, taal-, kommunikasie-, sisteem-, handelings- en leerteorieë"* (1991:9), wat nie in hierdie studie afsonderlik behandel word nie.

Metateoreties word in die studie interdissiplinêr aangesluit by veral drie teorieë, naamlik die *krities - realistiese kenteorie*, die *kommunikatiewe handelingsteorie* en die *algemene sisteemteorie*. Met betrekking tot dit wat nog nie hierbo gesê is aangaande die meta-teoretiese grondslae van die praktiese teologie nie, word vervolgens aandag geskenk aan die die krities-realistiese kenteorie, die kommunikatiewe handelingsteorie en die algemene sisteemteorie.

#### 2.2.1.1 Krities - realistiese kenteorie

Epistemologies word aangesluit by die *krities-realistiese kenteorie*. Dit was veral Wentzel van Huyssteen, met sy werk oor die sistematiese teologie (*Teologie as kritiese geloofsverantwoording*, 1986), wat volgens Deist (1994:326) die gesprek oor kenteorie onder Afrikaanse teoloë aan die gang gesit het. Hy ontwikkel 'n eie rasionaliteitsmodel vir 'n sistematiese teologie wat homself as 'n vorm van kritiese geloofsverantwoording wil verstaan en vanweë wetenskapsfilosofiese oorweginge as kritiese realisme aangedui word, waarin hy probeer om die vraag: *"wat presies gebeur in die proses van teorievorming waarin ons alledaagse geloofstaal skynbaar getransformeer kan word tot teologiese teorieë wat inderdaad daarin sou kon slaag om sowel op ons insig as op ons ervaring te apelleer?"* te beantwoord en stel dat *"die teoloog uiteindelik deur 'n proses van kreatiewe herstrukturering van basiese Christelike grondwaarhede bereid sal wees om op 'n geldige wyse die Christus-boodskap te laat herleef vir hedendaagse mense se begrip vir die diepste sin van die lewe"* (Van Huyssteen 1986:1-12; Trigg 1977:166).

Deist (1994:326) wys daarop dat die tendens binne die krities-rasionalistiese kenteorie, as teenoor 'n naïef-realistiese kenteorie, is om die Bybelse teks nie, *"soos vroeër die geval was, naïef referensieel te lees nie, maar as verhaalmatige, indirekte verwysings na God en die religieuse sfeer van die lewe"* en skryf verder: *"Daar is ook 'n duidelike*

*tendens om 'betekenis' nie as iets inherent 'in die teks' te beskou nie, maar as iets wat in die interaksie tussen teks en leser tot stand kom en daarom krities beoordeel moet word en voorlopig is."* Hy wys ook daarop dat daar in die Suid-Afrikaanse teologie op die vlak van (effektiewe) teologiebeoefening waarskynlik 'n (implisiete) rewolusie plaasvind terwyl op die vlak van die wetenskapsfilosofie (kenteorie / metodologie / metode / rasionaliteitsraamwerk) sprake is van 'n progressiewe verskuiwing (Deist 1994:357).

Van Huyssteen (1986:214) skryf dat die teoloog moet *"besef dat God groter is as al ons teologiese ontwerpe"* en dat die wyse waarop ons kennis oor God toeneem, nie deur die plotselinge ontvang van onfeilbare teologiese proposisies is nie, *"maar deurdat God ons inlei in nuwe ervaringe wat telkens weer in terme van ons probleemoplossingsmodel na 'n nuwe en kreatiewe wyse van teologiese refleksie vra."* Die Bybel is volgens hom die *"klassieke oorsprongsdokument van die Christendom"* en as sodanig *"wesenlik 'n geloofsboek met radikale religieuse dimensie"* wat vanaf die begin van sy ontstaan leef as *"bundel dokumente van en vir gelowige mense"* (Van Huyssteen 1986:193; vgl ook Du Toit 2000:61; Spangenberg 1995:193-194). Bybelse geskrifte moet dus na hulle aard gelees en verstaan word en die voorwetenskaplike aard van die geskrifte moet deurgaans konsekwent in ag geneem word (vgl ook Du Toit 2000:89-91; Smit 1998: 297-317). Ook dogmas en belydenisse kan nie as *"tydlose waarhede en onfeilbare kriteria vir verdere teologiese besinning"* gesien word nie en dit moet onthou word dat hulle *"as dialoogreëls van die tradisie uiteindelik die sedimentasie van bepaalde metafore* (is) *wat deur hul dominansie tot modelle gegroei het"* (Van Huyssteen 1986:197). Uitsprake wat oor die leer van die kerk gemaak word, moet dus beskou word teen die agtergrond van die ontwikkeling van die kerklike jaar en die kontekste waarbinne dit geskied het.

Dit val buite die skopus van die ondersoek om in te gaan op die problematiek rondom die gesag van die Skrif en die belydenis binne die kerk, maar Vos (1996:63) se opmerking in hierdie verband word onderskryf: *"Die gesag van die Bybel is 'n heilsgesag. Dit gaan om God se heil vir mens en wêreld. Die heilsgeskenk, die heilsbewerking, die heils-effektuering, die heilsbelewing en die heilsvoltooiing is die hart van die Bybelse boodskap."* Hy stel ook: *"Daar kan geen sprake van 'n 'enigste' eksegetiese metode wees nie. Daarom mag die een metode nie bo die ander verhef word nie. Dit*

*moet altyd in gedagte gehou word dat die verskillende eksegetiese metodes verskillende funksies het"* (Vos 1995:258; vgl König 1998:11-26). Vanweë die pluraliteit in die Bybel en die gekompliseerdheid van die verhouding tussen die Bybel en openbaring, word 'n genuanseerde Skrifbeskouing, wat ten minste ook kultuursensitief is, vereis (vgl o.a. Spangenberg 2002a:103-109).

Veral die insigte vanuit die kulturele-antropologie moet verreken word wanneer met die Bybel en belydenisskrifte omgegaan word, aangesien verstaan met baie meer as net taal te doen het (vgl bv Malina 1993; 2001:1-25). In hierdie verband moet die opmerking van Malina, Joubert en Van der Watt (1995:2) in ag geneem word: *"Ons vergeet so maklik dat ons die Bybel eintlik oor die skouers van diegene lees aan wie dit oorspronlik geskryf is. Hulle het nie net 'n ander taal as ons gepraat nie, maar ook heeltemal ander gebruike en gewoontes as ons gehad."* Die invloed van die sosiaal-wetenskaplike bestudering van die Bybel sal mettertyd duideliker word binne die Suid-Afrikaanse konteks, maar dit is egter reeds duidelik dat 'n dilemma vir die NG Kerk ontwikkel het in hierdie verband (vgl bv Britz 2002; Spangenberg 2002).

'n Probleem waarmee praktiese teoloë te kampe het, is dat die konsepsies waarmee hulle werk, *"meesal elders in die teologie [d.i. in die Bybelse vakke en veral in die dogmatiek of sistematiese teologie] gekonstrueer word"* en hulle *"konfessionele bande en veral die aard van sy opleiding in die dogmatiek (spesifiek sy standpunt oor Skrif en Openbaring) bewustelik of (meesal) onbewustelik meespeel in die manier waarop hy die Praktiese Teologie bedryf"* (Burger 1991:23).

#### 2.2.1.2 Kommunikatiewe handelingsteorie

Wat die kommunikatiewe grondslag van die praktiese teologie aanbetref, word aangesluit by die insette van veral Ricoeur ('n teorie van teksinterpretasie vir gebruik deur menswetenskappe), Habermas ('n teorie van kommunikatiewe handelinge) en Gadamer ('n teorie vir die verstaan van tekste) (vgl Heitink 1993:131-144; Pieterse 1993:71-96). As handelingswetenskap vind die vak aansluiting by 'n hermeneuties-kommunikatiewe benadering. Schelsky (s v) het in 1963 'n onderskeid gemaak tussen die natuurwetenskappe, die geesteswetenskappe en die sosiale handelingsweten-skappe as 'n derde selfstandige wetenskapsgroep (vgl Heitink 1993:124-126).

Onder die begrip *handelingswetenskap* word die tematisering van alle menslike handelinge verstaan, dit wil sê 'n teoretisering van die praktyk (Schroër 1974:207). Die begrip "handeling" dui vanuit 'n handelingswetenskaplike perspektief op die vermoë waardeur die mens in staat gestel word om *intensioneel* op 'n gegewe tydstip in te gryp in die stand van sake (Firet 1982:261) en alle handelinge hou verband met die samelewing as maatskaplike konteks (Ploeger 1989:10). 'n Handelingswetenskap ontwikkel *handelingsrelevante teorieë* (Daiber 1977:74) wat gerugsteun moet word deur bepaalde *handelingsdoelwitte* wat as *krities-reflekterende teorieë* (Hübner 1985:288) bestaande praktyke krities interdissiplinêr-georiënteerd m.b.v. ander handelingswetenskappe (Mette 1978:318) beoordeel m.o.o. die verbetering daarvan (Daiber 1977:90).

Wanneer die prediking (ingebed in die erediens) handelingswetenskaplik as een van die handelingsvelde in die praktiese teologie bestudeer word, is dit noodsaaklik om insigte vanuit die kommunikasiekunde by te werk (Heyns & Pieterse 1990:17). In hierdie studie word veral aangesluit by die simboliese interaksionele kommunikasiemodel (Slabbert 1992:61, 65-86; vgl Dingemans 1991:138) en die gespreks- of dialogiese model van Vos (1996:170-196). Pieterse het 'n dialogiese kommunikasieteorie ontwikkel wat goed pas by die handelingspraktyk in die kerk en die samelewing deur gelowiges en die bestudering van hierdie geloofshandelinge in die veld van die praktiese teologie (Pieterse 1991:7-20; 1992:20-25; Pieterse (red) 1995:57-70). Volgens Vos (1996:19) pas hierdie teorie goed by die verstaan van en die bestudering van kommunikatiewe handelinge in die liturgie (waarby die prediking ingebed is). Hy verfyn dit dan ook self tot 'n sirkulêre of kommunikatiewe model vir die homiletiek (Vos 1996 en 1996a). Dit is ook 'n teorie wat pas in die sfeer van 'n Bybelse omgang tussen God en mens (Pieterse (ed) 1995:58-60).

Vos (1996:179-196) maak die dialogiese kommunikasiemodel bruikbaar vir homiletiese kommunikasie. In aansluiting by Pieterse en Wester (1995:61-70) verduidelik hy die model soos volg: *"'n Kommunikatiewe model vir die preek is 'n proses wat reg moet laat geskied aan die ander / deelnemer in die kommunikasieproses, die kommunikasiesituasie, kommunikasie as gebeure, die doel van die kommunikasie, die vorm van kommunikasie en die inhoud van kommunikasies ... Die sosiale en liturgiese konteks moet ook in hierdie model verreken word."* Hy maak 'n sterk saak uit vir 'n hoorders-

hermeneutiek waarin die hoorder(s) naas die spreker aktief in die kommunikasieproses betrek word en skryf dat dit in die kommunikasie van die evangelie daarom gaan dat die verhaal van God met mense sy weg moet vind: *"Hierdie bevrydingsverhaal van God moet ook mense se bevrydingsverhaal word. Met die oog hierop kan die hoorder as getuie van die blye tyding optree. As dit gebeur, kry die evangelie vir ander mense 'n mond, oë, ore hande en voete"* (Vos 1996:196).

Pieterse (1994:96,97) toon aan dat die kommunikatiewe handelingsteorie nie onkrities as metateorie in die praktiese teologie in diens geneem is nie. Hy skryf: *"In die keuse vir hierdie benadering funksioneer daar reeds teologiese konsepte soos die praxis van God, die Ryk van God en die indiensneming van ons kommunikatiewe handelinge in diens van die evangelie deur die Gees - konsepte wat in die kritiese worsteling met hierdie metateorie 'n rol gespeel het in ons verstaan daarvan binne die praktiese teologie."* In alle kommunikatiewe handelinge is 'n sinsvraag (die sin van die handelinge) en ook normatiewe veronderstellinge van beide partye in die kommunikasieverkeer, wat handelingsdoeleindes rig. Handelinge word deur norme gedra en in alle kommunikatiewe handelinge word daar 'n ideale situsie veronderstel. Dié handelinge is gerig op die ontstaan en onderhouding van die relasie tussen God en mens, mens en God, en mense onderling en dit moet in konkrete situasies ondersoek word na die motiewe en doeleindes daarvan.

Dit is dus nodig om in die bestudering van die kerklike jaar te fokus op die kommunikatiewe inhoud daarvan. Daar sal nie volstaan kan word met (kontekslose) uitsprake in die lig van die Skrif nie, maar naas 'n bestudering van die ontwikkkelingsgang in die funksionering van die kerklike jaar, sal die kerklike jaar homileties geëkspliseer moet word m.o.o. 'n eietydse konteks. Daar sal ook deurgaans gevra word na die relasionele aard van die inskrywings in die kerklike jaar: wat sê dit oor God, oor die verhouding tussen God en mens en so meer. Weë om die kerugmatiese inhoud m.b.t die kerklike jaar effektief binne 'n eietydse konteks te kommunikeer, moet gesoek en gevind word.

#### 2.2.1.3 Algemene sisteemteorie

Volgens Pieterse hou die paradigmaskuif wat die afgelope tyd in die wetenskaplike wêreld plaasgevind het, verband met die ontwikkeling van *"'n algemene sisteemteorie"*

Universiteit van Pretoria etd – Bothma, G (2004)

en verskuif hierdie metateorie die fokus van die dele na die geheel met die gevolg dat wegbeweeg word van 'n reduksionisme t.g.v. 'n meer holistiese aanpak (1991b:133). 'n Sisteem is 'n *organisasiepatroon van elemente* wat mekaar by wyse van interaksie komplementeer. Die sisteemtorie bestudeer die interne organisatoriese struktuur van 'n bepaalde sisteem op makro-, meso- en mikrovlak (Dingemans 1986: 17). 'n Sisteem bestaan dus uit dele in verhouding met mekaar en tot die geheel. Elke sisteem is ook in relasie tot en in interaksie met ander sisteme. Sistemiese denke wil soek na die relasies tussen sisteemelemente en die prosesse in 'n sisteem verstaan en dit organiseer met 'n duidelike doel.

Die sisteemteorie beskou die wêreld i.t.v. *"the interrelatedness and interdependance of all phenomena, and in this framework an integrated whole whose properties cannot be reduced to those of its parts called a system. Living organisms, societies, and ecosystems are all systems"* (Capra 1982:26, 63). Binne 'n "algemene sisteemteorie" is dit wat waargeneem en beskou word as werklikheid (*"reality"*) 'n produk of 'n skepping van die waarneming van die waarnemer. *"The similarities in people's observations and descriptions of reality are attributable to a kind of concensus according to which they agree to look at reality and assign meaning to it in a particular way. This gives rise to shared (inter-subjective) meanings which are fixed in language"* (Jordaan & Jordaan 1998:31). Feitlik enige onderskeibare geheel kan dus as 'n sisteem gesien word: 'n persoon met sy persoonlikheidsisteem, 'n sportklub, 'n gemeente, 'n gesprek en 'n preek. Die woord 'sisteem' dui dan op 'n konstruk wat gebruik word om 'n navorsingsprobleem aan te dui en 'omgewing' word gesien as alles wat die sisteem beïnvloed. Elke subsisteem beïnvloed, is in interaksie met en is wederkerig met elke ander subsisteem (Lemmer 1990:58,59; vgl Pattison 1977:5).

In hierdie verband omskryf Firet praktiese teologie: *"als de theologische theorie omtrent handelingssysteme die het komen van God tot de mens in zijn wereld intermediërend dienen"* (1987:34). Dingemans (1986:18) beskryf die praktiese teologie as 'n spesifieke vorm van die sisteemteorie op grond daarvan dat dit die dialektiek tussen wat op die konseptuele vlak lê en die uitwerking daarvan op die grondvlak in die samelewing as onlosmaaklike resiproke relasie analiseer, die praktyk waarbinne gelowiges en geloofsgemeenskappe hulle bevind toets en aanbevelings maak. Van Arkel (1991:62, 73)

beskou die sisteemteorie as die tweede lens van 'n binokulêre visie op die studieveld van die praktiese teologie en stel dat die twee teorieë aanvullend tot mekaar in die vakgebied gebruik behoort te word. Hy stel dat 'n keuse vir die sisteemdenke as metateoretiese uitgangspunt (geïntegreer met die kommunikatiewe handelingsteorie) die kenteoretiese konsekwensie het dat daar nou gekies word vir 'n *"epistemologie van deelname"* en dat die kenaksie vir die praktiese teologie nie geskied op 'n subjek - objek as nie, maar op die subjek - subjek as as 'n aksie van partisipasie.

Sisteemteoreties kan die gemeente beskou word as 'n sisteem waarbinne 'n verskeidenheid van kleiner sisteme funksioneer (vgl Steinke 1993; Armour & Browning 1995). Een daarvan is die erediens waarvan die prediking weer 'n verdere subsisteem vorm. Vanuit die sisteemteorie beskou, sou die prediking nie los gesien kon word van die erediens as sisteem wat weer deel vorm van die gemeente as groter sisteem nie. Daar moet daarom voortdurend gevra word na die dinamiese interaksie tussen die verskillende liturgiese elemente, waaronder die preek, lied, belydenis, sakrament en dies meer en die invloed wat hulle op mekaar uitoefen binne die erediens en gemeente as sisteem. Daar moet ook voortdurend in ag geneem word dat die mense wat kommunikatief handel in diens van die evangelie self in en as deel van sisteme funksioneer aangesien gedrag 'n sisteem is wat self weer die produk is van verskeie sisteme wat meewerk. Die uitsig in hierdie studie bly dus panoramies aan die een kant, maar tog baie duidelik gefokus aan die ander kant (vgl Burger 1991:63-65). Persoonlike kontak, vertroue en 'n sfeer vir geslaagde kommunikasie is in die preek uiters belangrik, aangesien die erediens waarbinne die preek plaasvind 'n kommunikasiesisteem is wat sentraal staan in die kommunikasienetwerk van die gemeente (Pieterse 1986:109).

Die implikasies wat 'n sisteemteoretiese benadering vir die ondersoek na die kerklike jaar in die prediking inhou, behels ten minste dat kennis gedra moet word van die konteks(te) waarbinne die prediking, as sub-sisteem, funksioneer en dat dit verreken moet word. Die kerklike jaar se invloed op die prediking word mede-bepaal deur die ander liturgiese momente en - naas die prediking - die ander kommunikatiewe handelinge in en van die gemeente. Naas hierdie liturgiese en ekklesiologiese kontekste wat in ag geneem moet word, moet ook die sosio-kulturele konteks (as veranderende situasie / omgewing) waarbinne die gemeente funksioneer in berekening geneem word.

Die prediker moet daarmee saam onthou dat die konteks waarbinne die tekste waarmee hy omgaan m.o.o. die prediking verskil van die eietydse konteks waarin die kerklike jaar met die prediking in verband gebring word.

## 2.3 PRAKTIES-TEOLOGIESE VOORVERONDERSTELLINGS

Hierbo (vergelyk veral 1.2) is reeds heelwat gesê oor die praktiese teologie en 'n aantal aksente wat betrekking het op hierdie studie is reeds uitgelig. Hier word aan slegs enkele metateoretiese en basisteoretiese grondslae aandag geskenk. Volgens (Heitink 2001:15) soek die praktiese teologie na verbindinge tussen teologiese en nie-teologiese faktore en wil dit *"terug na de roots, op zoek naar de oorsprong."* *"Vooral in tijden van onzekerheid"*, skryf hy, *"gaat een mens op zoek na zijn wortels."* Oor die vakgebied wys Burger (1991:21) op die volgende: *"Hoewel die vak by die meeste universiteite aanvaar is en hoewel die meeste teoloë in beginsel sal saamstem dat daar 'n vak soos Praktiese Teologie behoort te wees, het daar tog vrae in verband met die wetenskaplikheid van die vak oorgebly."* Dit is dus daarom belangrik om uitdruklik te stel dat die praktiese teologie in hierdie ondersoek as 'n volwaardige wetenskaplike dissipline beskou word. Dié veronderstelling word beaam deur verskeie werke wat oor die afgelope dekade verskyn het en die geskiedenis, teorie, metodes, handelingsvelde en veel meer m.b.t die praktiese teologie as wetenskap beskryf (vgl o.a. Heyns & Pieterse 1990; Burger 1991; Browning 1991; Heitink 1993; Pieterse 1993; Van der Ven 1993).

Fuchs ((ed) 1984:59) wys daarop dat die praktiese teologie oor 'n behoorlike wetenskapsteoretiese begronding beskik en Heyns en Pieterse (1990:11) onderskryf ook hierdie standpunt deur die volgende stelling: *"Praktiese Teologie is 'n wetenskap omdat dit 'n eie studieveld het, eie prakties-teologiese teorieë vorm en wetenskaplike metodes gebruik."* Die wetenskaplike karakter van die vakgebied staan op vaste voet, veral sedert dit as handelingswetenskap bedryf word (vgl Zerfass 1974:166). 'n Prakties-teologiese wyse van teologiebeoefening verskil van eksegetiese, historiese en filosofiese benaderings, hoewel daar ook van laasgenoemde gebruik gemaak word (Heitink 1993:19) en die identiteitskriterium van die praktiese teologie, wat ook vir hierdie ondersoek aanvaar word, is *"die sistematiese aandag aan kommunikatiewe handelinge in diens van die evangelie"* (Pieterse 1993:2).

Universiteit van Pretoria etd – Bothma, G (2004)

Die praktiese teologie as teologiese handelingswetenskap - en dan in besonder as kommunikatiewe handelingsteorie - is veral ontwikkel deur Zerfass (1974), Firet (1987), Heitink (1993) en Pieterse (1993) en is reeds omvattend omskryf in talle werke en artikels. Die wortels van hierdie benadering lê in 'n diepgaande diskussie wat na aanleiding van ontwikkelinge op die gebied van die wetenskapsteorie, handelingsteorie en teologie plaasgevind het tussen die teoloog Peukert en die filosoof Habermas oor die moontlikhede vir 'n teorie van kommunikatiewe handelinge wat in die praktiese teologie gebruik sou kon word (vgl Peukert 1976) en handhaaf die die teologiese karakter van die praktiese teologie terwyl dit ter gelyke tyd pleit vir die werklikheids-betrokkenheid van die vak binne 'n bipolêre spanningsverhouding (Dingemans 1986: 16-19; Heitink 1993:110-112; Heyns & Pieterse 1990:4-12; Van der Ven 1987:155-173 & 1993:33-76). Volgens Wolfaardt (1993:30) is hierin tot die gevolgtrekking gekom dat die snypunt van al hierdie ondernemings kommunikatiewe handelinge is. 'n Punt van kontak tussen die praktiese teologie en ander wetenskappe (veral sosiale weten-skappe) is oor die laaste twintig jaar bewerk, elk vanuit sy eie perspektief. In die lig hiervan kan die begrip *praxis* volgens Browning ((ed) 1983:13) omskryf word as 'n praktyk waarin die teorie daarin bewustelik krities gereflekteer word en word alle praxis deur 'n teorie gedra - dit is *'theory laden'* (Browning (ed) 1983:61).

Kommunikasie van die Christelike geloof druk die totale omgang, verhoudinge, reaksie en optrede in woord en daad tussen gelowiges uit. Grondliggend hieraan is die gemeenskap van nuwe mense in die gemeente en die taak en funksie van die praktiese teologie is uiteindelik om die heil te interpreteer en te verstaan vir die mens en sy wêreld asook vir die kerk se betrokkenheid by die maatskappy. Die diensgestaltes van die kerk wil interpreteer en verstaan word m.o.o. doelgerigte geloofsgroei en effektiewe gemeentebou (vgl Louw 1993: 80,81). Die kerk is nie slegs *subjek* van bemiddeling nie, maar ook *objek* daarvan. Die Pneumatologie as dinamiese teologiese krag en beweging agter al die ander teologiese konsepte behoort uitgelig te word (Vos 1995a: 105-108) en so ook die ekologiese aspek of godsdiens van die omgewing. Die diakonaat kan binne dié segment ook 'n sorg vir die omgewing insluit, aangesien die praktiese teologie ook te make het met die sosiaal-etiese vrae ten einde die mens in sy konteks te verstaan (Vos 2000:53-70). As deel van sy emansiperende funksie moet die praktiese teologie ook 'n bemiddelende rol speel m.o.o. die transformasie van die samelewing.

Met hierdie perspektiewe in gedagte, dien die volgende werksdefinisie vir die praktiese teologie as verwysingsraamwerk vir hierdie ondersoek:

> ***Praktiese Teologie as kommunikatiewe handelingsteorie is die kritiese empiries-georiënteerde teologiese teorie binne 'n hermeneutiese raamwerk oor die kommunikasie van die Christelike geloof in die praxis van die geloofsgemeenskap / kerk en samelewing wat teorieë vir die Christelik-kommunikatiewe praxis wil ontwerp volgens handelingsdoeleindes wat geloof kommunikeer, opbou en verdiep.***

Die praktiese teologie is 'n dinamiese wetenskap en ontwikkeling vind voortdurend plaas. In 'n veranderende situasie waarin markkragte die kerklike praktyk onder groot druk plaas, is die uitdaging wat aan die praktiese teologie gestel word om teorie en praktyk, tradisie en konteks en so meer te verreken nie slegs groot nie, maar ook heerlik. Die praktiese teologie van die dag moet die kerk van die dag bystaan om nie slegs te oorleef nie, maar om op wetenskaplik verantwoorde wyse haar pastorale funksies te vervul in die situasie waarin sy haarself bevind.

In hierdie ondersoek word daar dus nie gevra: *"Hoe moet die kerklike jaar op vandag se kerklike praktyk toegepas word?"* nie, maar word op sistematiese wyse aandag geskenk aan die kerklike jaar op so 'n wyse dat dit vir die prediking as spesifieke kommunikatiewe handeling in diens van die evangelie ontgin kan word. Onder meer word gesoek na lyne wat uit die skatkis van die verlede deurgevoer kan word na die hede en die toekoms m.o.o. betekenisvolle kommunikasie van die evangelie in verskillende situasies, maar veral t.m.v. veranderende omstandighede. Die ontwikkelingsgang in die teoretisering rondom die kerklike jaar en die prediking geniet aandag.

Die ondersoek is vanweë die wese daarvan teologies van aard, maar dit is ook werklikheidsgetrou aangesien dit die kerklike praktyk empiries verreken en daarin wil neerslag vind. Beide die fenomeen van die kerklike jaar, sowel as die praxis wil verstaan word sodat handelingsdoeleindes geformuleer kan word. Hier word ook nie net gevra na wat en hoe die kerklike jaar in die prediking wil kommunikeer *in* en *aan* die gemeente nie, maar ook na hoe die kerklike jaar in die prediking *in* en *deur* die gemeente benut kan word om die evangelie van God verder te kommunikeer in die gemeenskap (situasie). Alhoewel die ondersoek toegespits word op die gemeente en

die prediking, word raakvlakke met ander samelewingsfaktore nie geïgnoreer nie en sal daar in die basisteorie vir die benutting van die kerklike jaar in die prediking konsepte wees wat ook oorgedra kan word na byvoorbeeld 'n ondersoek na die kerklike jaar in die opbou van die gemeente. Die verbande wat gelê word tussen die kerklike jaar, die prediking en die situasie wil toepaslik en werklikheidsgetrou wees.

Deurgaans word gewaak teen reglynige oordrag van inligting en veralgemenings aangesien geen twee situasies identies is nie. Kritiese refleksie vind ook deurgaans plaas. Navorsingsresultate wat reeds getoets is word in ag geneem, ander inligting word empiries getoets en terreine wat nog getoets moet word, word geïdentifiseer. Uiteindelik wil die ondersoek die kerklike praktyk ten opsigte van die kerklike jaar in die prediking op hermeneutiese wyse begelei tot transformasie.

## 2.4 HOMILETIESE EN LITURGIESE PERSPEKTIEWE

Dit gaan in die prediking om die kommunikasie van die evangelie (Vos 1991:7; vgl Jossuttis 1985:29; Lange 1987$^2$:13-14), 'n proses waarin dit handel om die koms van God drieënig na die wêreld deur sy Woord (Firet 1987:29-30). Die woord "prediking" vind volgens Jonker (s j:39) sy oorsprong in die Latynse *praedicatio* wat ooreenstem met die Griekse κὲρυγμα (kerugma) en letterlik beteken *"om te praat"* of *"om 'n publieke boodskap in opdrag en met volmag oor te dra."* In die studie dien die volgende omskrywing van die preekhandeling van Vos (1996:146,147) as uitgangspunt:

> ***"Die preek is 'n manier waardeur God na die mens en die wêreld kom. In dié koms gebruik Hy ook mense om sy heil te bemiddel. Die heilsbemiddeling is daarop gerig om hoorders in hulle bestaan te raak, om by hulle 'n liefde vir God en die naaste te wek, om hulle tot diens aan Hom en ander mense aan te moedig, en om hulle te beweeg om vir die geloofsgemeenskap en samelewing om te gee en te sorg. Wanneer God se heil hoorders tref, word hulle deelnemers aan en medespelers van die heilsproses. Die preek kan ook gesien word as 'n manier waardeur God se koningskap in die lewens van mense, die kerk en die samelewing gevestig word."***

*"Die wesenlike van die handeling prediking (wat deur die geskied daarvan 'n handelingsveld "prediking" konstitueer) bestaan uit die uitleg van 'n gedeelte uit die*

*Bybel en die aktuele toepassing daarvan in die lewensituasie van die hoorders"* en *"geskied gewoonlik in die erediens, maar ook by spesiale geleenthede soos 'n huwelik, 'n begrafnis en op Christelike feesdae"* (Heyns & Pieterse 1990:64). Die boodskap waaroor die preek handel gaan oor die evangelie van die koninkryk van God (Vos 1996a:107). Volgens Pieterse is die preekgebeure *"'n waarneembare en analiseerbare gebeure"* en dit *"kan en moet deur ons ondersoek word met die oog op die uitwys van swakhede in die preekgebeure en om die kommunikasieproses te verbeter"* (1981:14; vgl ook Pieterse 2001). In hierdie ondersoek is dit juis wat gedoen wil word.

'n Basiese vertrekpunt in hierdie ondersoek is dat die prediking wetenskaplik beskou word vanuit 'n handelingswetenskaplikgeoriënteerde benadering. Die vakgebied waarbinne die prediking bestudeer word, is die homiletiek (afgelei van die Griekse woord ὁμιλία = homilia, wat *"gesprek"* beteken) (Heyns & Jonker 1977:298), die *"Wetenskap van die bediening van Gods woord aan die gemeente van God"* (Odendal e.a. 1985:402) en dit kan beskryf word as die teoretiese refleksie op die proses waardeur die boodskap van die Bybel gekommunikeer word aan 'n gehoor (Deist 1987: 77). Volgens Pieterse (1991:Voorwoord) neem die homiletiek met reg sy plek langs die ander wetenskappe in as 'n fatsoenlike teologiese wetenskap. Die handelingsisteem prediking deel op metateoretiese vlak hermeneutiese, kommunikasie-, taal- en literêre, retoriese en leerteorie met ander handelingswetenskappe.

Daar is reeds (m.b.t. die homiletiek) basisteoreties gereflekteer t.o.v. 'n hermeneutiese aanpak, die verstaan van die evangelie in eie tyd (inhoud van die boodskap), die Pneumatologiese verstaan van die preekgebeure, gemeentebeskouing, kommunikasie-teorie, taal en literêre teorie en so voort, terwyl praktykteorieë al geformuleer is t.o.v. die proses tussen teks en prediking (preekvoorbereiding), verwoording van die preek (preek as taal- en retoriese gebeure), kommunikasie in die prediking, preektipes en -vorme, preeklewering, die hoorders van die preek, gemeentedeelname aan die preek, die effek van die preek en so voort (Pieterse 1991:141-146).

Veral Pieterse (1979, 1985, 1988, 1991 en 2001) en Vos (1995, 1996 en 1996a) het ter plaatse baanbrekerswerk gedoen om die prediking op 'n wetenskaplike wyse nuut te deurdink en 'n hermeneuties-kommunikatiewe preekteorie te formuleer. Oor Vos se

magnum opus in die homiletiek (1995) skryf Den Dulk (1995:6-14) dan ook die volgende: *"Het beeld dat de eerste leeservaring van Vos' Homiletiek bij mij opriep was van een groot, modern, zeewaardig jacht dat elegant de golven klieft. Een schip, dat vaart maakt en waarop het goed varen is"* (:6) en *"In één woord gezegd: het brengt de homiletiek op de hoogte van de tijd. En behalve dat: het leert de overmoedige kanseltijger manieren, het steekt de vermoeide prediker een hart onder de riem en oefent ons met passie in de taal van de liefde"* (:14).

In sy *hermeneuties-kommunikatiewe preekteorie* skenk Vos (veral 1991; 1995; 1996 en 1996a) aandag aan die prediker en die wyse waarop hy met die preek omgaan, die kommunikasieproses, die boodskap, die hoorder en sy konteks. Die begrip "hermeneutiek" word wyd geïnterpreteer om die beweging tussen teks en hoorder te verreken en het te doen met die teks in al sy verbande, die prediker as vertolker van die teks, asook die hoorder en sy konteks en neem die bestaan van bepaalde teologiese, kerklike en godsdienstige tradisies in ag, aangesien 'n hermeneutiek van die geloofstradisie ook in die verstaansproses meespeel (Vos 1995:1-8;1996a:1-9). Hierdie benadering is relevant vir die prediking in die kerklike jaar.

Die preek as rede is 'n handeling waarin die sprekende God, die prediker, hoorder en tema / teks aktief meewerk. Dit is spesifiek 'n religieuse handeling in inhoud en daarin dat dit 'n aanspraak op die hoorder maak. Die prediking het 'n oorredende intensie aangesien dit die hoorders tot geloofshandelinge wil motiveer, inspireer en aktiveer. Die prediking is ook 'n taalhandeling en hou rekening met die godsdienstige en sosiale konvensies terwyl dit geskied in relasie tot die Bybelteks, die Christelike tradisie en die konkrete raam van die teenswoordige situasie (Vos 1995:128-136; vgl Luther 1983: 223; Daiber 1991:207; Pieterse 2001). Verder word die prediking nie as 'n geïsoleerde gebeure beskou nie, maar in relasie tot ander handelinge binne die ritueel-liturgiese konteks van die erediens asook die sakramente (Vos 1997:248). Müller (1990:70,71) meen dat die hele erediens 'n "Woorddiens", dus 'n bediening van die Woord is, aangesien God van voor tot agter in gesprek is met sy gemeente. Die prediking, as 'n besondere liturgiese element, is as 'n deel van die groter gesprek tussen God en die gemeente in die erediens nie net 'n bediening van die Woord nie, maar 'n *verkondiging* daarvan. Die hoogste diens (liturgie) wat ons uiteindelik aan God kan lewer, is om ons

te onderwerp aan sy Woord. Daarom behoort die hele liturgie 'n tematiese eenheid te vorm wat met 'n gespanne lyn oploop na die prediking. Vos en Pieterse (1997:182) druk die verhouding tussen die bediening van die Woord en die bediening van die sakramente soos volg uit: *"Waar en wanneer die sakramente gevier word, mag die preek nie as 'n vreemde gebeure in die liturgie opduik nie. Elke woord en handeling moet inpas in die fees van die doop / Nagmaal."* Hier word dus ook saamgestem met White (2000:175) wanneer hy skryf dat die verkondigde Woord en die sigbare Woord mekaar versterk en nie met mekaar kompeteer nie, maar mekaar komplementeer soos wat 'n handdruk en 'n verbale groet met mekaar doen.

Die prediking geskied nie net binne die konteks van die erediens nie, maar ook sistemies binne die gemeentebediening in geheel. Die prediking moet die visie van die gemeente a.h.v. die tradisionele verhale van die geloofsgemeenskap verkondig en proklameer as dit wat sin, betekenis en rigting aan die lewe van die gelowiges gee en inspeel op die lewens- en werklikheidsbeskouing van gelowiges. Daar moet gewaak word daarteen dat die prediking nie oorvra word, deurdat verwag word dat indien die Woordverkondiging "reg" gedoen word, mense vanself sal kom tot 'n geloofsverbintenis, spontaan gemeenskap sal soek en uit hulle eie sal begin doen en dien, nie.

Die verkondiging van die Woord in die prediking sal altyd 'n wesenlike deel van die heilsbemiddeling bly in die meeste Protestantse kerke, maar die vrug daarvan kan groter wees indien dit nie oorbeklemtoon word ten koste van die ander heilsmiddele nie en die ander gawes en bedienings ook in plek is en goed funksioneer (Burger 1991a: 21,56,57; 1999:177,178). Indien die prediker daarin kan slaag om die wesenlike van die verskillende aspekte van die kerklike jaar deur te trek na die gemeentebediening en die leefwêreld van die individuele hoorder, kan dit groot vrug inhou vir die hoorder, asook die gemeente en uiteindelik die gemeenskap.

Nog 'n uitgangspunt in die ondersoek, is dat in die prediking die heil van God sentraal staan en mense in die erediens die heil in al sy vorme en variasies ontvang. Die heil is verlossing, redding en dan as verlossing van die hele mens, redding uit verlorenheid, redding van die mens en die wêreld. Heil wil sê dat ons sonde ons vergewe word, dat die skuld ons nie toegereken word nie, dat daar met die straf weggedoen is en

aangesien dit van buite, van Bo kom, moet die die preek die konsentrasie op Christus, die Heilsmiddelaar, volhou, moet die heil uit Hom, wat die heil gerealiseer het, bemiddel word. Die heil moet egter Pneumatologies geëffektueer word. Die Gees is die Persoon wat die heil bemiddel, skenk. Hy verlig die prediker en die hoorder. In die gereformeerde tradisie is die Woord 'n heilsmiddel. Daarom doen die preek iets, is dit effektief: dit skenk die heil. God kom in Christus deur die Gees op ons af. Omdat die die volle heil in die preek op ons afkom, word ons in die preek voor die totale heil van God in Christus gestel en moet die prediker die volle raad van God verkondig. Die Gees oorreed mense tot die heil, Hy rand ons nie aan nie en gee ons die geloof om die getuienis van die heil. Daarom moet die heil wat deur die preek geskenk word, aangeneem word (Vos 1995:112,113; vgl Berkhof 1973:374; Heyns 1971:329; Jonker 1981:54; Van Ruler 1969:69; 1970:60, 72).

In die studie word gefokus op gemeentelike prediking. Velema beklemtoon dat die prediking die evangelie bring aan die gemeente, *"aan mensen die met de Bijbel leven"*, mense wat in 'n mindere of 'n meerdere mate vertroud is met die evangelie en waarvan baie al belydenis van hulle geloof afgelê het en daarom nie evangelisasie- of sending-prediking is nie, maar prakties, pastoraal en persoonlik (1992:33-35). Volgens Nel (1994:140,141) is die prediking *"'n uiters belangrike manier om die gemeente te motiveer"*, maar dan nie net t.o.v. vernuwing in sy roepingsvervulling nie: *"Gemeente-bou word as bediening gedra en begelei deur suiwer en volgehoue prediking van die Woord."* Daar kan ook m.b.v. preekwerkgroepe, besprekings in en na die erediens en nog meer sover moontlik seker gemaak word dat die Woord tuisgekom het.

Die preek is 'n kreatiewe handeling. *"Om te preek is om te skep, om kreatief te wees"* en om dít te kan doen, is meer nodig as net 'n kennis van die nodige eksegetiese metodes en 'n aanvoeling van die behoeftes in die gemeente. Die prediker benodig kreatiwiteit sodat hy 'n "produk" kan lewer *"wat vergelykbaar is met enige wetenskaplike of kunstige ontwerp of skepping"* (Cilliers 1998:111-120). Volgens Venter (1992:13) is die Woordbediening 'n geestesgawe (charisma) wat nie verwaarloos moet word nie en aangewakker moet word. *"Deur die skeppende preek word God se Woord in mense-woorde 'n vlammende lied"* (Vos 1991:14). Dit is dus noodsaaklik dat in die prediking konkrete en haalbare doelwitte aan die hoorders gestel word (vgl Pieterse 1995:110).

Prediking is nie deel van die dekor van die kerk nie en dit moet konkreet gestalte vind in die lewens van die hoorders. Dit vind plaas deur gemeenskapsontwikkeling, deur ondersteuning van gemeenskapsprojekte en deur geïnspireerde deelname aan die proses van transformasie. Binne 'n konteks van armoede kan behoort die prediking selfs te lei tot byvoorbeeld behuisingsprojekte vir en pastorale ontwikkeling van armes (vgl Pieterse 2001:93-121). In 'n geïntegreerde gemeentebediening waarbinne die kerklike jaar as ordeningsprinsipe dien, kan verskillende aspekte van God se betrokkenheid by sy wêreld in verskillende tye van die kerklike seisoene benut word hierin.

Vroeër is daarop gewys dat die prediking 'n baie prominente rol in die bediening van die reformatoriese kerke speel. Heitink (2001:13) wys daarop dat hierdie kerke, waarvan die NG Kerk deel is, selfs *"domineeskerken"* genoem word vanweë die predikant se plek - veral as prediker - daarin. Dit is die navorser se oortuiging dat indien die kerklike jaar na behore benut wil word in die gemeentelike bediening, daar by die prediking begin moet word. Vanuit die prediking kan daar stelselmatig uitbreiding geskied en verdere treë gegee word in die rigting van 'n geïntegreerde gemeentebediening met die kerklike jaar as ordeningsprinsipe. In die prediking handel God hermeneuties-kommunikatief deur sy Woord en Gees met sy gemeente in konkrete omstandighede.

Daarom word vervolgens basisteoreties gereflekteer op 'n Pneumatologie, 'n prakties-teologiese ekklesiologie en 'n antropologie en word die veranderende situasie en die eise wat dit meebring vir die gemeente se effektiewe kommunikasie van die evangelie beskou. Aangesien hierdie aspekte nie verband hou met die kern van die ondersoek nie, sal terreine wat buite die skopus van die ondersoek slegs vermeld word. Uit die aard van die saak kan veel wyer gereflekteer word hieroor.

## 2.5 PNEUMATOLOGIESE PERSPEKTIEWE

In die Pneumatologie gaan dit om die verstaan van die werk van die Gees (Burger 1999:173). Prakties-teologies - en in hierdie ondersoek - word aanvaar dat die feit dat ons handelinge 'n aktiewe deelname is aan die handelinge van God in diens van die evangelie, dit betekenisvolle handelinge maak. Die vraag na die verhouding tussen die handelinge van God en die handelinge van mense in diens van die evangelie word vanuit 'n kommunikatiewe paradigma oorbrug deur die werk van die Heilige Gees en

basisteoretiese refleksie op die Gees as Kommunikator en Subjek van kommunikasie van die evangelie in die kerk en in die wêreld lei tot 'n beter verstaan van die verhouding tussen die praxis van God en ons praxis in diens van die evangelie (Pieterse 1993:135, 142; vgl Firet 1980:159; Vos 1988:203-216).

Kommunikatiewe handelinge in diens van die evangelie word Pneumatologies begrond aangesien die werk van die Gees wesenlik kommunikatief is. Na aanleiding van die belydenis van die vroeë kerk, soos verwoord in die geloofsbelydenisse as geloof in die Heilige Gees i.v.m. geloof in God die Vader en die geloof in Jesus Christus en in die geloofsbelydenis van Nicéa as Heer en Lewendmaker, wat van die Vader en die Seun uitgaan en saam met die Vader en die Seun aanbid en verheerlik moet word, kan gestel word dat ons in die Gees met God self te make het en dat die werk van die Gees in die kommunikasie van die evangelie die praxis van God is, 'n praxis waarby die Gees mense inskakel as medewerkers. Die Gees skep ruimte vir 'n teonome wederkerigheid waarbinne die mens 'n kreatiewe vryheid ontvang en die gemeente én die wêreld word kommunikatiewe ruimtes van die Gees (Pieterse 1993:134-142; Van Ruler 1969:181).

Die Persoon en werk van die Gees kan op geen manier losgemaak word van dié van die Vader en van die Seun nie en alles wat hier gesê word, moet binne hierdie trinitariese werklikheid van God verstaan word - ons glo in één God. Schwartz (1999a), wat in sy praktiese teologie die klassieke leer rondom die drie-eenheid, gemeente-ontwikkeling en persoonlike geestelike groei i.v.m. mekaar bring en deurtrek na die lewe en bediening van die gemeente asook die van die individuele gelowige, stel dat die belydenis van God as Vader, Seun en Heilige Gees dít is wat die Christendom onderskei van alle ander godsdienste. Hy skryf: *"If it is the specific feature of the Christian faith, it should also be the premise for our reflection on the practical side of church life"* en verder: *"The God who can be experienced in a threefold way - that is the most practical theological topic I know. When we set it free from the abstations of theological formulas, its explosive power can revolutionize both our personal lives and our churches"* (Schwartz 1999a:4-9). Hy beskryf God vanuit die verhouding waarin God tot ons staan en nie i.t.v. die verhouding waarin God as Vader, Seun en Gees tot mekaar staan nie, sodat die wyse waarop God Homself aan ons openbaar uitgelig word aangesien dit die enigste manier is waarop ons God kan verstaan.

Universiteit van Pretoria etd – Bothma, G (2004)

Wat die Gees as gawe van Christus aanbetref, skep Christus se hemelvaart ruimte vir die effektuering van die heil aan die mense deur die Heilige Gees. In die werk van die Heilige Gees waardeur die heil in mense se lewens toegepas word via die kommunikasie van die evangelie, het ons met die praxis van God te doen aangesien die Gees Gees van Christus en van God is alhoewel God die Heilige Gees 'n eie bewegingsvryheid het waarin sy Persoon en Godheid erken word. Die Gees kom self as handelende God om mense te vernuwe en tot geloof te wek in Jesus Christus en sy soenverdienste. In die Gees tree die handelende God op om die geskiedenis na sy einddoel te lei. Sedert Pinkster tree die Gees op as die Vader en die Seun se Liefdesbode wat tot in elke uithoek mense moet bewusmaak van die Vader en die Seun se liefde en wederliefde by hulle wek. Wat die Gees se werk in die kommunikasie van die heil betref, is die term en benaming "Parakleet" verduidelikend daarin dat Hy in wisselende omstandighede optree as Voorspreker, Getuie, Pleitbesorger, Aanklaer, Leraar, Vertolker, Helper en Trooster met die doel om mense aan Jesus en aan sy leer te verbind, gelowiges te onderrig en lei, dissipels te oorreed om ook vir Jesus in die wêreld te getuig en vir altyd by hulle te bly. Die Parakleet sal die bewys lewer dat die reg aan Jesus Christus se kant is en werk in diegene se lewens wat nog buite die geloof staan sodat die kommunikasie van die evangelie aan hulle deur die gelowiges op vrugbare aarde val. Verder werk die Gees ook in die grootste denkbare ruimte van hierdie werklikheid om die geskiedenis van die wêreld te rig op God se groot toekoms (Firet 1980:161; Pieterse 1993:136-137,141-142).

Dingemans (1990:63-65) toon in hierdie verband aan dat daar al hoe meer 'n verskuiwing plaasvind *"van de welomschreven en vast omlijnde godsvoorstelling van de klassieke kerkleer naar een veel vagere en meer open omschrijving van God als 'Geest" of als 'Hogere Macht'. ... God als 'persoon'; God als 'Iemand' die vanuit de hemel naar je kijkt en met wie je kunt communiceren, verdwijnt uit de ervaringswereld van onze huidige westerse cultuur en maakt plaas òf voor nihilisme ('er is niets'!) òf voor een vagere beleving van God als een macht om ons en in ons."* Hiernaas is daar ook al hoe meer belewenisse by mense dat *"God niet langer 'tegenover' maar 'náást' mij stond, in mij aanwezig"* is en maak mense veel meer van mistieke belewenisse in hul lewens. Daar kom ook al hoe meer 'n *"verzet tegen een 'teïstische religiositeit'"* voor terwyl 'n *"godsbeleving, waarin God bijna saamvalt met de vitaliteit van de schepping, van de leven zelf"* toeneem. Die beskouing waarin God se betrokkenheid, veral by die

Universiteit van Pretoria etd – Bothma, G (2004)

lydende, en Jesus as mens beklemtoon word, vertoon 'n innige verbondenheid tussen God en mens. Omdat menslike ervaringe in die praktiese teologie ernstig geneem word, is dit belangrik om die "geeste te beproef" (vgl Dingemans 1990:70-71; 1 Joh 1:4).

Die Gees woon in die kosmos én in die harte van mense. Hy sluit nie ons oë vir die werklikhede van die lewe nie, maar open dit juis daarvoor en maak ons sensitief vir die empiriese werklikheid rondom ons terwyl Hy tegelyk ons geloofsoë so verskerp en so ons Bron van hoop word. Vanuit 'n Pneumatologiese uitgangspunt word ons gehelp om aan die Bybelse wysheid wat ons help om te verstaan dat God nie in opposisie met ons menslike natuur werk nie, maar juis daarin en daardeur, en dat die mens ook te midde van 'n sondige natuur die vrugte van die Gees kan dra, vas te hou (Müller 1996:51,52). Wat die kerklike jaar en die prediking aanbetref, is dit hieruit duidelik dat die kerklike jaar vrug van die werking van die Gees in en deur die prediking oor die eeue heen kan wees - en waarskynlik is. Beplanning t.o.v. die prediking, veral i.v.m. die kerklike jaar, mag nie as teenoor die werking van die Gees gestel word nie.

## 2.6 'n PRAKTIES-TEOLOGIESE EKKLESIOLOGIE

In 'n prakties-teologiese ekklesiologie word teologiese en empiriese sieninge van die gemeente bymekaargebring, sonder dat te veel klem òf op die teologiese insigte gelê word en die sig op die empiriese kant verdof word òf op die empiriese kant en die teologiese sy uit die beeld verdwyn, sodat daar 'n sinvolle kyk op die kerk (as plaaslike gemeente) vanuit die praktiese teologie verkry kan word. Pieterse (1991), Burger (1991a en 1999), Hendriks (1992), Louw (1992) en Van der Ven (1993) het reeds betekenisvolle bydraes hierin gemaak (vgl Pieterse 1993:157).

In hierdie ondersoek word aandag geskenk aan 'n prakties-teologiese ekklesiologie aangesien die kerklike jaar én die prediking albei binne die ruimte van die gemeente funksioneer. In die reformatoriese teologie word die kerk bely as 'n *creatura evangelii*, 'n skepping van die Gees, aangesien die Woord 'n dubbele perspektief open op die gemeente, naamlik in die eerste plek dat die gemeente as herskeppingswerklikheid (Theron 1978:1-2,67-73) 'n vrug van die Woord is (Jak 1:18; vgl 1 Petr 1:23) en in die tweede plek dat die gemeente deur die Woord versamel word (vgl ook Heitink

2001:273). Wanneer die gemeente deur die Woord versamel is, lei dit tot 'n versameling om die Woord en in dié versameling verkry die gemeente 'n godsdienstige en sosiale waarnemingsgestalte (Vos 1991:7; vgl Jörns 1990:21). Die gemeente vind sy oorsprong in die handelinge van God drie-enig in en deur Jesus Christus en met die daarstelling van die gemeente word uitdrukking gegee aan die betrokkenheid van God by sy mense terwyl God die heil implementeer en aktualiseer in Christus en deur die Heilige Gees via die gemeente (Heyns 1977:66; Küng 1970:45).

Die verskeidenheid van kerke en die pluraliteit van sieninge in die gemeente is geleë in die wyse waarop mense - as huisgenote van die geloof en omdat die Gees die ruimte vir menslike vryheid en kreatiwiteit skep - op die heil antwoord, hul verstaan daarvan en hul reaksie daarop. Die Heilige Gees maak dit moontlik dat die gemeente as kommunikatiewe ruimte ook, deur die verruiming van die Bybelse grondmetafoor "tempel", as huishouding van God (vgl Ef 2:19, 21-23) beskou kan word wat die konteks bied vir diepgaande persoonlike verhoudinge (met God en met mekaar), wat 'n sentrale faktor in geloofskommunikasie is (Pieterse 1991:9; 1993:140-141; vgl Dingemans 1987: 101,105; Fuchs 1990:189; McFague 1983; Van Aarde 1989). Volgens Heitink (2001: 278) is die kerk die belangrikste leweransier van vrywilligerswerk, wat die kern is van die hedendaagse samelewing. Omdat die kerk formeel opereer soos enige ander sosiale sisteem wat oor 'n eiesoortige interaksiepatroon beskik m.o.o. maksimale uitset en 'n eie streefwaarde het wat ten diepste fokus op die heil van mense en die eer van God (Kilian 1992:172), word prakties-teologies na die gemeente gekyk vanuit 'n kommunikatiewe perspektief en vanuit 'n funksionele perspektief op haar funksies.

Burger (1999:108; vgl :203-260) skryf dat die gemeente bestaan en funksioneer binne die kragveld (deur en onder leiding) van die Gees. Hy beskryf die pastorale funksies van die kerk as die vier groot dienste (of te wel bedienings en/of gestaltes) van die kerk soos volg: *leiturgia* (aktiwiteite waarin daar 'n sterk direkte fokus op gemeenskap met God is), *kerugma* ('n reeks aktiwiteite wat sentreer rondom die Skrif en die verstaan, internalisering en verkondiging van die inhoudelike boodskap van die evangelie), *koinonia* (aktiwiteite wat gerig is op inter-menslike ondersteuning en versorging) en *diakonia* (aktiwiteite wat fokus op opofferende praktiese diens aan ander na die

voorbeeld en t.w.v. Christus). Die dienswerk van die gemeente na binne en na buite kan soos volg rondom die klassieke vierdeling van pasorale funksies voorgestel word (Burger 1999:112; vgl Fackre 1984:171):

| OPBOU NA BINNE | DIENSTE | UITREIK NA BUITE |
|---|---|---|
| Lering en prediking | Kerugma (*vertel*) | Evangelisasie |
| Diens na binne (aan broers en susters) | Diakonia (*doen*) | Diens na buite (sosiale aksie en diens) |
| Gedeelde lewe na binne | Koinonia (*is*) | Gedeelde lewe na buite |
| Erediens | Leitourgia (*vier*) | Feeste |

**TABEL 1: FUNKSIES VAN DIE GEMEENTE**

Die gemeente funksioneer vanuit 'n sosiale oogpunt beskou goed indien vier prosesse tegelyk en in ewewig effektief in beweging gehou word. Hierdie vier prosesse is 'n gedeelde *visie* op die koninkryk van God; 'n vaste *geloofsverbintenis* (*"commitment"*) aan die visie; 'n *sorgende gemeenskapslewe* (koinonia) waarin mense mekaar op hierdie pad ondersteun; en 'n sterk georiënteerdheid op dade doen, in die wete dat die kern van die Christelike lewe *diens* is.Die uitdaging is dan om gelowiges te beweeg van statiese formules tot 'n hoopvolle visie, van vae instemmings tot 'n vaste verbintenis, van privatisme en selfsorg tot sorg vir mekaar en van 'n selfgerigte verstandsgodsdiens tot 'n lewe van daadwerklike diens (Burger 1991a:20-22; Pieterse 1993:161-162). Die gemeente moet daarom opgelei en begelei word om sy eie wese en bestaansdoel te verstaan en self, as gemotiveerde gemeente, sy eie funksionering te evalueer, doelwitte vir sy doelgerigte funksievervulling formuleer en op beplande wyse te bereik en om self, soos nodig, op 'n voortgaande basis strukture, wat die heilshandelinge van God in kerk en wêreld dien vir die gemeentelike funksionering te ontwikkel (Nel 1994:14).

Wat hierdie funksievervulling aanbetref, wys Bosch (1991:467-474) daarop dat daar in die geskiedenis van die kerk se bediening wegbeweeg is van die eng fokus op die bediening van geordendes en al hoe meer op die dienswerk van die gelowige gefokus word in kombinering met die bediening van geordendes. Callahan (1983:3) deel hierdie standpunt wanneer hy skryf: *"The day of the professional mininster is over. The day of the missionary pastor has come."* Die kommunikatiewe handelinge van die gemeente is al op verskeie wyses in kerkmodelle gestruktureer (vgl bv Dulles 1976; Hendriks

1992:14-34; Louw 1992:126-127; Pieterse 1991:71-79), maar hier word saamgestem met Heitink (2001:278-282) dat 'n "oop kerk" model vir die eie tyd van wesenlike belang is. Hy ontleen boustene aan verskeie modelle van kerkwees.

Volgens hom lê die gereformeerde model veral nadruk op die priesterskap van die gelowige wat veral afspeel buite die kerk in die huis, die gemeenskap en die werksplek. Hiervoor moet die kerk haar lidmate toerus: *"Zij moeten in de kerk een voedingsbodem vinden waaraan zij inzicht en inspirasie kunnen ontlenen"* (Heitink 2001:278-279). Hy benadruk dat die wêreld nie 'n vreemde en vyandige plek is nie, maar die in Christus versoende wêreld en daarom nie buite die reikwydte van God se hand val nie. Omdat Christus ook die Here van die gesekulariseerde wêreld is, skryf hy: *"Mensen mogen niet aangesproken worden op hun tekort, maar delen in de behoefte van hun tegoed: schepsel Gods te zijn op aarde."* Die kerk, *"We moeten weer buitelucht ademen, dialogeren met de wereld. We moeten het riskeren aanvechtbare dingen te zeggen, als daardoor vitale vragen weer aan de orde komen"* (Heitink 2001:279). Die kerk moet funksioneer as 'n "internasionale hermeneutiese gemeenskap" (Hiebert 1985:16) waarin Christene (en teoloë) vanuit verskillende kontekste mekaar se kulturele, sosiale en ideologiese vooroordele kan uitdaag. Dit veronderstel dat ons mede-Christene sal sien as vennote en nie as teenstanders of opponente (Küng 1987:198) nie, al voel ons dalk ernstig daaroor dat hulle sienings wesenlike verstellings benodig (vgl Bosch 1991:187).

In 'n empiriese ondersoek het Nel (2002:59-72) bevind dat die gedagte in gemeentes bestaan dat missionêre betrokkenheid "elders", "iewers", "ver" is en dat daar beslis nie 'n genoegsame bewussyn en sensitiwiteit is vir kontekstuele werklikhede soos armoede en siekte, haweloosheid, onreg, diskriminasie, ensovoorts nie. Dit is duidelik dat min gemeentes werklik al 'n omgewings- en situasiediagnose gemaak het en 'n duidelike gemeenteprofiel, demografiese en sogenaamde behoefte-analise is afwesig by die meeste gemeentes. Daar is positiewe tekens, maar dit is verseker so dat die NG Kerk 'n nuwe verstaan van haar missionêre identiteit sal moet ontwikkel.

'n Prakties-teologiese ekklesiologie help die gemeente om in haar kommunikasie van die evangelie handelinge te verrig wat in die drie-enige God gefundeer is en in wisselwerking met die tradisie binne die konkrete konteks gestalte te vind deur 'n gerigte funksievervulling. Wat die kerklike jaar in die prediking betref, kan belangrike aspekte

van 'n prakties-teologiese ekklesiologie deurgewerk word na die kerklike praktyk deur spesifieke beklemtoninge daarvan in die onderskeie seisoene van die kerklike jaar. Gemeentes behoort te beplan om rondom die groot vierings in die kerklike jaar groot feesvieringe (ten minste met Paas- en Kersfees) te hou, wat nie net vir lidmate die geleentheid bied om vir iets te werk nie, maar waarheen die gemeenskap getrek kan word. Hierdie bewussyn het reeds in die Ou-Testamentiese tyd geleef. Vreemdelinge, hulpbehoewendes, armes, weduwees en weeskinders moes - en moet vandag nog - deel wees van die gemeentelike en gesinsvierings (vgl bv Deut 16:9-12).

## 2.7 'n PRAKTIES-TEOLOGIESE ANTROPOLOGIE

"Antropologie" het te primêr te doen met die *"leer van die mens"* (Odendal e.a. 1985: 50), die wetenskap van die mens se ontwikkeling soos beskou vanuit 'n kulturele perspektief en kan ook beskryf word as 'n beskouing, 'n leerstelling oor die aard van die mens byvoorbeeld as die beeld van God, 'n etiese wese of as 'n sondaar (Deist 1987:8). Volgens Pieterse (1993:163) is praktiese teoloë op die oomblik druk besig om oor hierdie basisteorie te besin (vgl Louw 1989; Vos & Pieterse 1992). Die uitdaging in die formulering van 'n prakties-teologiese antropologie is om, aangesien ons hierin besorg is oor die normatiewe van menswees, bewus te bly daarvan dat ons alleen daartoe vorder indien ons erns maak met die deskriptiewe, of te wel die beskrywing van die empiriese, werklikheid van menswees, wat Heitink (1993:248) noem die "beleefde" mensbeeld (Müller 1996:35; vgl Browning 1991:58). Uitgangspunte van 'n prakties-teologiese antropologie is te vind in die wisselwerking tussen teologiese én antropologiese gesigspunte (vgl Vos 1995:177-182) en is relevant vir die studie aangesien dit verband hou met die verstaan van mense en hulle wese en aktiwiteite (Burger 1999: 173). In hierdie studie word die mens se wese en aktiwiteite holisties en vanuit 'n kommunikatiewe perspektief binne sy konteks verstaan (vgl Pieterse 1993:163).

Heyns (1981:119-120) wys daarop dat die Bybel nêrens opsetlik, sistematies en geordend oor die mens handel nie. Hy skryf: *"Geen definisie van die menslike natuur word gegee, en geen vaste en skerp afgebakende wese van die mens neem voor ons oë gestalte aan nie, maar fragmentaries en soms selfs onduidelik word die Bybelleser eerder bewus van 'n dinamiese en gevolglik ondeursigtige kern wat sy ryke inhoud in*

*'n onoorsigtelike veelheid van situasies en handelinge ontplooi."* Volgens hom werp die Bybel die volgende blikrigtings op die mens: *'n vertikale*, *'n totale*, *'n realistiese* en *'n tydbepaalde blik* (vgl ook 1981:120-140).

Volgens Vos (1995:177-178) word die mens in die klassieke gereformeerde model beskou as sondaar. Sodanig is alle mense gelyk en onder dieselfde oordeel van God gestel. Alle sondige gedagtes en handelinge word tot dieselfde wortel herlei: sonde. Deur sy sonde is die mens vervreem van God, sy naaste, die natuur en homself. Sonde neem verskillende gestaltes aan by verskillende mense en omdat die sonde verskillende merke op mense laat, kan mense nie op dieselfde wyse benader kan word nie. Wat sondaars egter in gemeen het, is dat daar hoop is. 'n Sondaar is iemand wat deur God verander kan word. Gegrond op die geboorte, sterwe en opstanding van Jesus Christus herstel God die mens met Homself, homself, sy naaste en die skepping. Hierin is Christus die Heilbewerker en die Heilige Gees die Een wat die heil effektueer. Die sonde word om Christus ontwil vergewe en die vergifnis en nuwe lewe word die mens se deel deur die werk van die Gees: Hy oortuig die sondaar van sy skuld en dat sy heil in Christus alleen lê en Hy spoor die (nuwe) mens ook aan om God bo alles en almal en sy naaste soos homself lief te hê (vgl ook Bos 2001:231-251; Louw 1989:6-29).

Hieroor skryf Heyns (1992:268): *"Regverdiging deur die geloof beteken vir geen oomblik dat die sondaar tot sondelose mens verklaar word nie. Ook ná die regverdigverklaring bly die mens nog sondaar met sonde, maar dan sonde wat vergeef is. Nooit hou die mens op om sondaar te wees, en om sonde te doen nie - en só bly dit tot sy dood toe. Maar hy leef uit die heerlike wete dat al sy sonde - van die verlede, hede en toekoms - vergewe is en die dodelike effek daarvan vir ewig vernietig is. Die gelowige mens bly dus sondaar, al word hy geregverdigde sondaar (simul justus et peccator) - maar juis daarom, omdat hy 'n nuwe status verkry het, sal hy met toenemende intensiteit sy stryd teen die sonde voortsit."* Hieroor kan hy feesvier en daarom moet sy feesviering getuig van dankbaarheid en soberheid.

'n Belangrike perspektief t.o.v. die gelowige se lewe in die Gees is dat die Heilige Gees in ons werk nog lank voordat ons verstaan dat Jesus die Christus is en dat God ons Vader is en dat Hy ons nie verlaat wanneer ons dit wel snap nie. Inteendeel, ons sou onmiddelik ophou glo indien die Gees uit ons lewens sou moes vertrek, aangesien Hy

die geloof skenk én onderhou. Die Gees stel die mens in staat om gehoorsaam te wees en help om die dankbaarheid op kreatiewe wyse te omskep in woorde en dade van aanbidding, van lof en van gehoorsaamheid. Ons kan wel die Gees se werk weerstaan en Hom bedroef. In ons lewe uit genade word alles aan ons geskenk en verdien ons dit nie deur prestasie of dade van gehoorsaamheid nie. *"Om uit genade te leef, is om die inwoning van die Heilige Gees as gawe van God te aanvaar. Dit is om Hom en sy werk in ons te geniet. Om ons, onder sy beheer, elke dag met meer ywer 'daarop toe [te] lê om as verloste mense te lewe, want dit is God wat [ons] gewillig en bekwaam maak om sy wil uit te voer' "* (Nel 1999:133; vgl Fil 2:12-13).

Müller (1996:35-41) se eko-hermeneutiese mensbeskouing, in die voetspoor van Winkler (1993:5-8; vgl ook Tieleman 1993:20-22) beklemtoon dit dat die Bybel daarvan uitgaan dat die mens in staat is om goed te doen en daarom daartoe opgeroep word, maar die goeie nie altyd doen nie. In hierdie teëspraak van moontlikheid en werklikheid waarin die mens leef, word hy dus voortdurend uitgedaag tot verandering.

Dusver is die mens veral beskou vanuit 'n teologiese gesigspunt. Vanuit 'n antropologiese gesigspunt word derglike perspektiewe op die wese en aktiwiteite van die mens binne *metafisiese konteks* beskou. Alle mense het 'n hunkering na die metafisiese en hulle ervarings en gedrag ontstaan, word in stand gehou en aangepas deur hoe hulle die hoogste werklikheid (*"ultimate reality"*) interpreteer. Mense se Godsbeskouings verskil van mekaar, maar hulle geloof in 'n godheid beïnvloed hulle ervaring van die wêreld, hulle houdings teenoor en verhoudings met ander en hulle gedrag grotendeels (vgl Van Jaarsveld & Janse van Rensburg 2002:179-218). Hiernaas is die *biologiese konteks*, die *intrapsigologiese konteks* en die *sosiale konteks* waarbinne die mens bestaan belangrike komponente van 'n prakties-teologiese antropologie. 'n Persoon bestaan ook nie in 'n vakuum nie, maar tussen ander mense en is binne hierdie *sosiale konteks* deel van die dinge en prosesse van die wêreld waarin hy leef, werk, speel en sterf (Jordaan & Jordaan 1998:38-44).

Dit val buite die skopus van die ondersoek om verder hierop in te gaan. Aspekte soos die manier waarop mense se *persoonlikheidstipes* (Jung 1923; 1971; Myers 1995; Hirsch & Kise 1997:1-3; Oswald & Kroeger 1988:2-3; vgl Allport 1961:567-573; Nel 2001:18-49), hulle groei tot selfaktualisering deur *die vervulling van behoeftes* (Maslow

1970:35; 1987:3-5; vgl Dingemans 1991:64; Jordaan 1994:33-52; Plotnik 1995:304-305, 435) en die *angste* wat hom "dryf" (vgl Riemann 1977:7-15) en ander moet in die prediking in ag geneem word. Dit is veral nodig om daarvan bewus te wees dat mense op verskillende maniere (sintuiglik of intuïtief) waarneem en in die lig hiervan dieselfde preek verskillend sal interpreteer en toepas in hulle lewens.

Omdat mense deur die verloop van hulle lewens deur verskillende fases gaan waartydens hulle nie net die wêreld anders beleef as in ander fases nie, maar ook anders handel en ook andersoortige verbintenisse aangaan as in ander fases (vgl Choun 1991:156-164; 1991a:165-166; Gangel 1991:167-170; Kruger & Van Niekerk 1998:52-70; Martin1991:171-172), behoort ook dit in die prediking in gedagte gehou word. Dit geld ook wat betref die geloofsfases wat deur Folwer (1981:14-15,92-93, 117-211; 1991) onderskei word as integrale deel van 'n mens se karakter of persoonlikheid (vgl Dingemans 1991:54; Nel 2001:25; Vos 1995:179-181).

Volgens Erikson (1963:82; vgl Nel 2001:29; Poltnik 1996:360-362, 385) se ontwikkelingsteorie gaan die mens deur agt psigososiale fases in sy wordingsproses waarin hy streef om begeertes wat verband hou met sosiale behoeftes te vervul. Volgens verskillende benaderings in hierdie studieveld, word daar van plek tot plek verskil oor presies waar die oorgangsjare is, maar vir die doeleindes van hierdie ondersoek kan die onderskeidings wat hier gemaak word, aanvaar word. Die psigososiale fases in die mens se wordingsproses kan soos volg ingedeel en voorgestel word:

| | **OUDERDOM** | **FASE** | **WAARDE** |
|---|---|---|---|
| **1** | Vroeë kleuterjare; Baba - 1e jaar | Basiese vertroue / Basiese wantroue (Basic trust / Basic mistrust) | Hoop (Hope) |
| **2** | Laat kleuterjare; 1 tot 3 jaar | Selfstandigheid / Skaamte; twyfel (Autonomy / shame; doubt) | Eie wil (Will) |
| **3** | Vroeë kinderjare; 3 tot 5 jaar | Inisiatief / Skuld (en onvermoë) (Initiative / Guilt) | Lewensdoel (Purpose) |
| **4** | Middel en laat kinderjare; 5 tot 12 | Arbeidsaamheid / Minderwaardigheid (Industry / Inferiority) | Bekwaamheid (as ywer) (Competence) |
| **5** | Adolessensie; 12 tot 20 jaar | Identiteit / Rolverwarring (Identity / Identity confusion) | Getrouheid (Fidelity) |

| | | | |
|---|---|---|---|
| **6** | Jong volwassen-heid; 20 tot 40 jaar | Intimiteit / Isolasie (Intimacy / Isolation) | Liefde (Love) |
| **7** | Middel volwassen-heid; 40 tot 65 jaar | Ontwikkeling / Stagnasie (Generativity / Stagnation) | Betrokkenheid (Care) |
| **8** | Laat volwassen-heid; 65 jaar en ouer | Integriteit / Wanhoop (Integrity / Despair) | Wysheid (Wisdom) |

**TABEL 2: PSIGOSOSIALE FASES IN DIE MENS SE WORDINGSPROSES**

Ten einde hermeneuties-kommunikatief te kan handel is dit nodig dat die mens naas basiese kommunikasie- en luistervaardighede ook sy emosionele intelligensie, as 'n versameling van kognitiewe vermoëns, bekwaamhede en vaardighede wat 'n uitwerking het op 'n mens se vermoë om sukses te behaal in die hantering van omgewingseise en druk, ontwikkel (vgl Goleman 1998:317; Van Jaarsveld 2003:12). Heelwat werke is reeds hieroor gepubliseer en insigte in verband hiermee kan reeds homileties ontplooi word. Wat die prediking aanbetref is die belangrikste hiervan sekerlik die tipe taalgebruik (positief en die aanwending van "ek voel ... - taal" en nie net rasionele taal nie) en die styl (uitstraal van emosionele warmte en toeganklikheid) van die prediker.

Vanuit 'n Prakties-teologiese perspektief beskou word dus in hierdie studie veronderstel dat die mens as unieke individu bestaan en hermeneuties-kommunikatief handel in verhouding met homself, ander mense, God en die omgewing. Dit is nodig om hierdie perspektiewe in die homiletiek en die gemeentelike prediking te verreken. Dit is die navorser se mening dat hierdie perspektiewe ook in die prediking aan die bod gebring kan word deur aksente in die kerklike jaar. Net soos wat die kerklike jaar deur verskillende seisoene beweeg, beweeg die mens deur verskillende kognitiewe, emosionele en ander "seisoene". Die veelkleurigheid van die kerklike jaar kan op kreatiewe wyse aansluit by die vele dimensies van menswees. Wanneer die kerklike jaar homileties ontplooi word (vgl 3.6), sal verder hieraan aandag geskenk word.

## 2.8 VERANDERENDE OMSTANDIGHEDE EN DIE EISE WAT DIT MEEBRING

*"Die praktiese teologie het nie net die kerk nie, maar ook die samelewing as horison"* (Vos 1995a:105). Daarom is 'n goedgeformuleerde prakties-teologiese ekklesiologie vir 'n kennis van die praxis wat deur die praktiese teologie bestudeer word nie genoeg

nie, maar 'n grondige verstaan van die modernisme en gepaardgaande sekularisasie-proses asook die oorgang na 'n postmoderne samelewing waar die transendente werklikheid weer in die gesig kom, uiters belangrik. In hierdie afdeling word die samelewings-konteks waarbinne die mens en die kerk bestaan beskou en implikasies wat dit inhou asook die eise wat dit vir die kommunikatiewe handelinge in diens van die evangelie meebring aan die orde gestel. As sodanig dien hierdie raamwerk ook as die konteks waarbinne die kerklike jaar in die prediking benut word.

Hier bo is reeds gestel dat die veranderinge in die samelewing inwerk op die mens, maar ook die kerk, aangesien die kerk in die samelewing bestaan en in wisselwerking met die res van die samelewing funksioneer. Hierdie veranderinge beïnvloed beide die prediker en die hoorder. Die mens se lewe het waarskynlik gedurende die twintigste eeu op 'n meer ingrypende wyse verander as in enige vorige stadium van die geskiedenis en die geweldige uitgebreiding van veral sy wetenskaplike kennis, tegniese vaardigheid en die verbeterde kommunikasiemiddels wat tyd en afstand oorbrug het hiermee saam 'n groot invloed uitgeoefen op sy lewens- en werklikheidsbeskouing asook sy geopolitiese relasies. Die kerk, wat dus voor 'n geheel nuwe situasie te staan kom in die toekoms, word uitgedaag om die prosesse asook die filosofiese strominge, paradigmas en epistemologieë wat in die samelewing afspeel en funksioneer gedurig op een of ander wyse in haar agenda te verreken en haar lidmate te inspireer om hul Christelike roeping na te kom, hulle toe te rus om diensbaar te wees en om op 'n nuwe manier openbare getuienis te lewer in die nuwe Suid-Afrika (vgl 1.1, 1.2 en 1.7).

Verandering is die handeling of proses van om te verander, 'n wysiging. Om te verander is om dit wat is anders te maak, te wysig en om iets in 'n ander ding, toestand of vorm te laat oorgaan (Odendal e.a. 1985:1231). Ons wêreld is nooit staties nie en ons word blootgestel aan konstante bewegings. Ons leef in 'n wêreld wat voortdurend deur interaksies verander en gevorm word en die mens funksioneer nie net fisies nie, maar ook psigies en geestelik binne 'n konstante vernuwingsproses (Hattingh 1998:24-25). Daar is veranderinge wat geleidelik en byna ongemerk plaasvind, maar daar is ook veranderinge wat so skielik plaasvind dat dit die ganse lewe tot stilstand roep. Veran-deringe hoef nie altyd deur die mens veroorsaak te wees nie en kan ook buite hom, ten minste buite sy direkte beïnvloeding om plaasvind (Heyns 1975: Inleiding).

In hierdie studie word veronderstel dat verandering 'n gegewe feit is en dat die mens (en daarom ook die kerk) daarmee saam verander. Dit word ook veronderstel dat verandering hanteer kan word en dat dit deel van die kerk se uitdaging is om so te doen. Hier word ook veronderstel dat veranderinge op makro-kosmiese en meso-kosmiese vlak die mikro-kosmiese vlak vanweë die sistemiese aard daarvan beïnvloed.

Volgens Heitink (2001:276-277) is daar twee tendense in die hedendaagse samelewing teenwoordig. Dit is die opkoms van die a-religieuse mens en die ontwikkeling wat plaasvind in die rigting van pluraliteit op die gebied van singewing en lewensbeskouing. Binne die huidige kultuur het verskeie nuwe vorme van religie ontstaan, veral deur die invloed van die oosterse godsdienste en die new age. Die rasionalisering van die samelewing lei ook tot 'n tekort aan emosionele betrokkenheid by mense. Die mense van die eerste wêreld het oor die afgelope aantal jare 'n sterk mentaliteitsverandering ondergaan, 'n proses wat dikwels aangedui word met die koepelterm 'sekularisasie' of 'modernisering' van die samelewing en wat verstaan word as *"de maatschaplijke ontwikkeling die gekenmerkt wordt door het streven om problemen vanuit het perspectief van de rationaliteit op te lossen"* (Van der Ven 1993:46).

Die proses van globalisering wat wêreldwyd voorkom en die gepaardgaande modernisering, gaan volgens Heitink (1993:45-49; 1999:66) nog geruime tyd voortduur. Die modernisering van die samelewing kan volgens hom die beste verklaar en begryp word deur die begrippe *rasionalisering* en *differensiasie* (wat beteken dat die eenheid van die lewe opgebreek word en outonome deelsektore soos die ekonomie, wetenskap en politiek ontstaan wat elk spesifieke doelwitte - hier wins, kennis en mag - nastreef). Die ekonomie, wetenskap en politiek vorm deel van die *publieke domein* en die persoonlike leefwêreld van die mens (waaronder godsdiens en die kerk) die *privaat domein.* Die belangrikste implikasies wat hierdie verskynsels vir die kerklike lewe inhou, is *"'n sterk afname in kerklike en godsdienstige aktiwiteite; groeiende klem op die individu en sy belange versus dié van die groep; 'n baie meer kritiese houding teenoor gesag en gesagsinstansies"* (Burger 1991:3; vgl ook Burger 1995:14-15; Boshof 1990; 1991).

Wat menslike kommunikasie betref het reeds drastiese veranderinge plaasgevind. Die meeste kennis word in ons era van visuele geletterdheid op mikrofilm of in rekenaar-

Universiteit van Pretoria etd – Bothma, G (2004)

geheuebanke gestoor en deur impulse op 'n rekenaarskerm of foto-elektroniese uitdrukke gegee (Lewis & Lewis 1989:ii). Oudiovisuele kommunikasie het 'n enorme impak op die mens vanweë die manier waarop waarneming plaasvind en kan nie meer as "hulpmateriaal" beskou word nie, maar as 'n taal. "Oudiovisuele taal" vorm selfs 'n nuwe kultuur. Volgens Babin (1991:6) is dit moontlik vir die mens om dinge nie deur woorde te verstaan nie, *"but through the effects produced in (him) by visual and aural stimuli"* en dat dit nie slegs idees, filosofieë en godsdienste is wat die wêreld verander nie, maar dat die tegnologiese veranderinge 'n deurslaggewende rol speel in die verandering van kultuur. Die invloed van die massakommunikasie het die kommunikasiepatroon van die mens sodanig beïnvloed dat dit bykans onmoontlik geraak het om deur die prediking iets nuuts aan die hoorder oor te dra, dat die mens se vermoë om mediatief te hoor en te luister nadelig beïnvloed is en dat 'n nuwe gemeenskapsiening en -beoefening (wat rondom die medium draai) oorgedra word (vgl Loots 1986:9-10).

Uit navorsing wat in die V.S.A. gedoen is, blyk dit dat die volwasse gelowiges wat die Christelike geloof beleef deur Christelike media soos radio, televisie en boeke, meer is as diegene wat dit deur die bywoning van eredienste beleef. Ongeveer 67% (141 miljoen) van die Amerikaanse Christene gebruik ten minste een van drie mediums - televisie, radio of boeke - *"om geestelike voedsel te kry"* en 63% (132 miljoen) woon eredienste vir hierdie doel by. Dit blyk dat ten minste 42% (15 miljoen) van die 50 miljoen volwassenes in die V.S.A. wat nie gedurende 'n tydperk van ses maande 'n erediens bygewoon het nie, deur die Christelike media bereik is (Barna Research Online 2003). Hoe hierdie tendense onder Suid-Afrikaners daarna uitsien is onseker, maar dit behoort nie veel hiervan te verskil nie.

Dit val buite die skopus van die ondersoek om die tendense t.o.v. die Suid-Afrikaanse bevolkingsamestelling van naby te bestudeer. Dit is egter opmerklik dat byna al die dominante godsdienstige groeperinge in ons land voorkom. Gevestigde kerke verloor hul markaandeel ten opsigte van die totale bevolking, maar ook in al die bevolkingsgroepe terwyl die Pentekostalistiese kerke wêreldwyd groei (Hendriks 2000:77-79; Hendriks & Erasmus 2001:41-65; Kritzinger 1993:1-11; vgl ook Feaver 1989:18-19; Wang 1989:164; vir vergelykende syfers, sien Bothma 1991:98-102). By al die hoofstroomkerke vind 'n duidelike afname in getalle plaas en die verwagting is dat hierdie

Universiteit van Pretoria etd – Bothma, G (2004)

getalle verder gaan afneem met verskeie implikasies vir die kerk (Hendriks 2000:82-83; Schoeman & Smuts 1991:5; Bisschoff & Schoeman 2003:1-4).

Deur uit die ervaring in haar verlede te diep, behoort die kerk die uitdagings van die veranderende omstandighede te kan hanteer. In die geskiedenis van die Christendom het 'n aantal paradigmaverskuiwings voorgekom wat haar selfverstaan (denke) en selfuitdrukking (praktyk) sowel as die kerk, gemeentes en gelowiges se verstaan en interpretasie van geloof en van die lewe beïnvloed het en verdere veranderinge te weeg gebring het. Die *apokaliptiese* of *apostoliese paradigma* van die vroeë Christendom, (soos wat dit aangetref word in die Nuwe Testament), die *hellenistiese paradigma van die patristiese tydperk* (waarin die geloof in terme van die Griekse denke uitgedruk is), die *Middeleeuse Rooms-Katolieke paradigma* (600-1500) (waartydens Grieks, die destydse spreektaal, met Latyn vervang is en die kerk uitgebrei het na 'n invloedryke organisasie), die *Moderne-Verligtingsparadigma* (waarin die Verligting 'n bepalende rol speel, met die rede as norm en 'n radikale mensgesentreerdheid en waartydens die kerk sy greep op die samelewing verloor het) en die *post-moderne* of *ekumeniese paradigma* (wat beskou word as die einde van die moderne paradigma en wat as die ontwakende paradigma beskou word) word oor die algemeen aanvaar as die onderskeibare paradigmas in die geskiedenis van die teologie (Küng 1984:25; 1987: 157-198; vgl Bosch 1991:181-187; Mead 1991; Spangenberg 1998:6-28).

Aangesien die erediens op die Sondag al hoe minder 'n rol gaan speel in die saambinding van die geloofsgemeenskap, moet meer gewag gemaak word van spesiale geleenthede soos doop, huwelik en afsterwe deur aansluiting te vind by hierdie "skarniermomente" waarom mense se lewens wentel. Mense soek al hoe meer na vryheid en outonomie, maar tegelyk daarmee saam ook na ('n) ruimte waarbinne hulle geborgenheid kan vind. Op grond hiervan moet die kerk dalk meer maak van die onderskeid tussen mense vir wie lojaliteit aan en die identiteit van die Christelike geloofstradisie belangrik is en mense wat op soek is na godsdienstige ervaring sonder om onderskeid te maak tussen binne- en buitekerklikes. Gemeentes moet andersheid kan akkomodeer en gesprek tussen verskillende gemeentes word ook al hoe meer noodsaaklik. Gemeentes moet ook hulle liturgie, keuse van liedere, prediking en eise met betrekking tot lidmaatskap in lyn bring met die aard van die gemeenskap wat

bedien word. Die kerk se uitdaging is om al meer kerk vir ander te word, om te bid, om tussen die mense goeie werke te doen en om deel te neem aan die openbare debat rondom etiese kwessies en 'n regverdige samelewing.

Die kerk moet dit wat in die samelewing aangaan, m.a.w. sy konteks, reflekteer. Met die dat die gemeenskap ook al minder omsien na die hulpbehoewende en die randfiguur, bly dit die kerk se roeping om solidêr te wees met diegene wat ander nodig het en om 'n tuiste, 'n "vangnet" in die gemeenskap te skep. Die verskynsel van veelheid van gelowe en geloofsbehoeftes hoef nie vir die kerk bedreigend te wees nie en moet as uitdaging beskou word. In aansluiting by die geestelike soeke en behoeftes van die individu en die vraagstukke van die gemeenskap kan die kerk veel bied en die evangelie in die wêreld laat ontplooi (Heitink 1999:66-78; vgl ook Müller 1999:16-26).

Hier word met Vos (1995b:201-202) saamgestem dat die samelewing mens soms kan verras, ander kere verbaas en selfs ontnugter. Wat belangrik is, is dat die samelewing beïnvloed kan word. *"Om te preek"* , skryf hy, *"beteken om te glo dat die krag van die evangelie mense anders kan laat dink, praat en doen"* (:201). Die openheid van die hedendaagse samelewing bied nie net die geleentheid dat Christene meer openlik oor hul geloof kan praat nie, maar ook dat hulle met vrymoedigheid hul feeste kan vier (vgl Heitink 1999:66-78; 2001:273-282). Hieraan word vervolgens aandag geskenk.

## 2.9 PREDIKING IN VERANDERENDE OMSTANDIGHEDE

Wat die prediking spesifiek betref, glo die navorser saam met Cilliers (2000:14-17) dat *"die prediking in ons land inderdaad 'n belangrike bydrae kán lewer tot die verandering van die etos of waardestelsel van ons Suid-Afrikaanse samelewing."* Die vorming van waardes en handelinge is relatief van aard en keuses val nie altyd tussen radikale uiterstes, tussen absolute goed en algehele kwaad nie. Ons leef nog nie in die hemelse wêreld nie, maar in die *werklike* wêreld. Daarom is dit nodig dat predikers hulle daarvan weerhou om met bale woorde in te storm in areas waarvan hulle nie veel kennis dra nie. In die prediking word voortdurend biddend geworstel in solidariteit met ander dissiplines en predikers kan skaars genoeg erns maak met vrae soos: *"Waarom roep ek mense op waartoe ek hulle oproep, en waarom doen ek dit soos wat ek dit doen?"*

In oorgangstye kan die prediking 'n sleutelrol speel om mense in die proses te begelei. Om geloof en waardes te skep, moet dit wat in die prediking gesê word, gereflekteer word in die strukture en programme van die gemeente en gemoduleer word in die styl, etos en spiritualiteit van die leierskap van die gemeente. In die proses om verdieping in verhoudings te bewerk, is dit belangrik dat die styl van die prediking en Bybelstudies wat in die gemeente gebruik word 'n swaai in bedieningspatrone onderskraag. In die gereformeerde tradisie is woordkommunikasie belangrik en sal geen standhoudende verandering bewerk kan word indien daar nie daaroor gepraat word nie. In die prediking sal oor die oorgangstyd, die veranderinge wat dit noodsaak en die geleenthede wat dit bied gepraat moet word, veral deur aan te sluit by die verhale uit ons geloofsverlede  wat hieroor handel (vgl Burger 1995:37-39, 64-65).

In hierdie ondersoek word veronderstel dat die prediking uiters geskik is daarvoor om die spiritualiteit van die gemeente te verdiep omdat dit by uitstek 'n geleentheid is om met mense oor God te praat. Die prediking kan t.o.v. grenservarings 'n Bybelse raamwerk verskaf waarbinne mense kan sin maak van die negatiewe ervarings wat hulle beleef deur veral te identifiseer met mense soos Abraham, Saraï en die ballinge se in-transito-stories en te verstaan dat ons nie die eerste mense is wat 'n tyd van relatiewe ontwrigting deurmaak nie. In die interpretasie van die situasie en gebeure kan die prediking help om mense te laat verstaan dat dit nie uit die lug val nie, maar 'n historiese aanloop gehad het en anders kan afloop as wat blyk uit die oënskynlike scenarios. Die prediking moet mense verder bemoedig deur hulle te help fokus op die geleenthede wat nuwe situasies bied en, die belangrikste van alles, hoop gee. Die prediking speel ook 'n belangrike rol deur die gemeente te help reflekteer deur op intellektuele wyse in te lig en te interpreteer, emosioneel te ontroer, te vertroos of te motiveer. 'n Voorskriftelike trant moet vermy word en 'n meer vryer gesprek met die gemeente moet geskied. Voorts kan mense gehelp word om hulle beperkte, geslote wêreld te verruil vir die oop, beloftevolle wêreld waarin Jesus Christus regeer deur erns te maak met die beloftes en die moontlikhede in die Bybel (vgl Burger 1995:126-127; vgl ook Dingemans1996:117-133; Long 1989:78-91, 133-155, 196-198).

In veranderende omstandighede word daar dikwels gepleit vir "aktualiteit" in die prediking. Daarom net 'n enkele woord hieroor. Die navorser stem saam met Vos (1988:220)

dat die aktualiteit van die Woord nie in die situasie lê nie, maar in die feit dat dit God se spreke vir mense van alle tye is: *"Die spreke is aktueel, omdat die boodskap van die Woord aktueel is. En die boodskap is heil vir mense en die wêreld."* 'n Preek het geslaag as dit iemand bly maak: *"Elke keer as mens hoor dat God sy guns verniet aan mense toegesê het, is daar rede tot oorstelpende blydskap."* Ook Pieterse (2001:ix) beaam hierdie beskouing. Hy skryf: *"Prediking is in sy wese aktueel - dit probeer om God se woord aan mense in hulle spesifieke konteks te kommunikeer."* Die navorser is van mening dat dit vir die kerk nodig is om - veral in veranderende omstandighede - te fokus op dit wat mense werklik bly maak. Blydskap is 'n krag wat mens die toekoms in trek en mense na die Here toe aantrek. Hierin speel feeste en viering 'n groot rol.

In die lig daarvan dat ons leef in 'n oudiovisuele era, stel Babin (1991:6,7) die uitdaging aan die prediking soos volg: *"Communicators of faith should be specialists in giving the world a divine form"* asook: *"The manner of presentation is what gives life and form to the material word of Christ. Therefore, we should no longer speak of the content of the product. We should insist instead that the religious educator make the product beautiful, attractive and tempting ..."* en *"The message is the interrelation of the print media, the electronic media, the use of live drama, and the preached word. It is also the forms of financing, both the marketing and the administration associated with the faith"*.

Müller (1986:150) se opmerking dat tot 70% van wat ons sê sonder woorde gesê word, kan dus nie onopgemerk verbygegaan laat word nie. In die lig daarvan dat kommunikasie wesenlik gaan oor die inhoud van wat gesê word, die toon waarin dit gesê word, die doen of aktiwiteit en die sosiale situasie waarbinne gekommunikeer word, is dit wat die prediking in veranderende omstandighede betref belangrik dat hierdie aspekte ondersteunend aan mekaar is. Kommunikasie is duidelik multi-dimensioneel van aard en die oordra van die evangelie kan nie slegs op 'n verbale en intellektuele vlak aangepak word nie, maar moet ondersteun word deur goed gekose oudiovisuele hulpmiddele. Oudiovisuele materiaal het veral waarde omdat dit die moontlikhede van sensoriese stimuli heelwat vergroot en hoe groter die stimulering van sintuie, hoe groter die moontlikheid om aanskouing (wat te doen het met al die sintuie en betrekking het met die innerlike verwerking of voorstellings waarmee mense in elk geval na die erediens kom) te bewerk by die hoorders (Müller 1986:150-156; vgl 1983:4; Pretorius 1979:187).

In tye waarin die proses van die modernisme in 'n sekere sin omgekeer word van *"written to oral, universal to particular, general to local and timeless to timely"* is in die prediking 'n holistiese onderneming nodig waarin erns gemaak word met die Bybelse teks maar ook die hoorder se reaksie en sy konteks in die gemeente en in die samelewing (Brueggemann 1993:6). Om saam te leef met die anomalië in die moderne paradigma en maar net geleidelik die voortekens van die postmoderne paradigma waar te neem en te konseptualiseer is *"a time of living without anchor, and hence, with a degree of confusion and ambiguity - but also of promise"* (Van Seters 1991: 267). Hierin moet die prediking die hoorders, wat in die kerk sit met hulle pyn, skuld en angs, maar ook hulle hoop, drome en verwagtings, begelei tussen 'eina en amen' (Vos 1995:5).

Om gelowiges sinvol te begelei in veranderende omstandighede, is dit nodig om die dinamika van verandering te verstaan en te verreken. Verandering is 'n komplekse proses wat altyd iets nuut of ten minste anders maak en is nie altyd meetbaar nie, maar altyd neutraal. Die persoon wat die verandering beleef bepaal self of hy dit as positief of as negatief beleef, of hy dit sien as geleentheid of verleentheid. Verandering is onvermydelik en sal altyd deel van die lewe wees en moet bestuur word. Verandering is in so 'n mate 'n integrale deel van ons lewe dat dit as 't ware 'n multi-dimensionele termostaat word vir ons vermoë om aanpasbaar te wees: *"The essence of life comes in our ability to be adaptable. The degree to which we are adaptable is the degree to which we create a healthy emotional, mental, spiritual, and physical state of well-being"* (Brock & Solerno 1994:5-31). *"Om die snelle veranderinge in die omgewing die hoof te bied het ons 'n nuwe innerlike fiksheid nodig,"* skryf Neethling (1999:21; vgl 32-74).

Nel (1994:112-124) toon aan dat God vernuwend besig is met sy wêreld en sy gemeente en skryf dat dit in verandering gaan om *"voortdurende, maar verantwoordelike, vernuwing in die geestelike lewe en funksionering van die gemeente en van individuele lidmate"* wat vra na *"voortgaande verandering in denke, houding en funksionering."* Hy beskou verandering as "beïnvloeding" - "intensionele beïnvloeding" of "intensionele begeleiding" en beskryf dit as "agogie" waaronder hy dit verstaan as die *"verandering in die geestelike funksionering van 'n mens met die oog op so 'n mens se aktiewe betrokkenheid by die proses van vernuwing."* "Agogiese situasies" moet voortdurend geskep word waar die begeleier (pastor) en die lidmaat in so 'n verhouding tot mekaar te staan kom dat die lidmaat tot 'n verandering in sy geestelike

funksionering kom en aktief by voortgaande vernuwing en by dié van ander betrokke raak en bly. Verandering is nooit manipulasie nie en het ten doel om die gemeente doelbewus te begelei om te verander en "aan die beeld van Christus gelyk te word." In die proses word dinamiese kragte, naamlik *geheue, konflik* en *hoop* in die hede op mekaar betrek (vgl Firet 1968:248-295; Burger 1994:87-92; 2 Kor 3:18).

In verskillende stadiums van die veranderingsproses beleef mense primêr ervarings van *verlies*, *twyfel*, *ongemak*, *ontdekkings*, *begrip* en *internalisering* en kan in elke stadium die effekte van verandering waargeneem word op die vlak van mense se emosies, gedrag en denke (wat ter gelyke tyd plaasvind). Die uitdaging is om die verandering as 'n nuwe ervaring op 'n bewustelike vlak te bestuur en dit nie oor te laat aan die onbewuste breinfunksies nie, veral aangesien laasgenoemde geneig is om op 'n punt tussen die stadium van ongemak en die stadium van ontdekkings, wat die *gevaarsone* genoem kan word, vasval (in 'n poging om uit die situasie te kom en pyn te vermy). Gevoelens, gedagtes en gedrag wat in elke stadium onderskei kan word asook die uitdaging waarvoor elkeen te staan kom in die betrokke stadium, kan soos volg voorgestel word:

| **STADIUM** | **Gevoelens van ...** | **Gedagtes is ...** | **Gedrag is ...** | **Uitdaging** |
|---|---|---|---|---|
| **Verlies** | vrees | versigtig | verlam | om 'n ervaring van veiligheid te skep |
| **Twyfel** | weersin | skepties | weerstand-biedend | om akkurate inligting in te win en te bied |
| **Ongemak** | angs | deurmekaar | onproduktief | om tot 'n wilsbesluit te kom |
| **Ontdekkings** | afwagting | kreatief | energiek | om alternatiewe te genereer en een te kies |
| **Begrip** | (self)vertroue | prakties | produktief | om voordele wat dit inhou te begryp |
| **Internalise-ring** | (self)tevre-denheid | gefokus | vrygewig | om (self) verandering te inisieer |

**TABEL 3: GEVOELENS, GEDAGTES EN GEDRAG IN VERSKILLENDE STADIUMS VAN DIE VERANDERINGSPROSES**
(Brock & Solerno 1994:24-31; vgl o.a. ook Hatting 1998:91-95).

Verhale - en daarmee saam ook rituele - help in verskillende kulture om sigself te struktureer en help mense om hulle lewens i.t.v. tyd en ruimte te oriënteer. *"Verhale houde den vroegere vast en verbeelden de toekomst. Ze duiden de grote, bepalende momenten in de geschiedenis aan en verwijzen naar plaatsen van speciale betekenis"* (Van Leeuwen 1998:53). Dit is veral hierdie verhale waarbinne die inskrywings op die kerklike kalender soos wat dit gestalte vind in die kerklike jaar ingebed is. In die prediking kan die kerklike jaar hiervoor ontgin word en benut word om die behoefte wat die mens het aan ware spiritualiteit aan te spreek en koers te verleen.

## 2.10 SAMEVATTING

Wanneer die kerklike jaar in die predikig van die NG Kerk op 'n wetenskaplike wyse beskou word, blyk die waarde van die praktiese teologie opnuut. Die wyse waarop die tekste waarin die Bybelse feeste wat verband hou met die kerklike jaar en die rol wat leerstellige kwessies in die ontstaan en ontwikkeling verreken word, sal 'n belangrike rol speel in die wyse waarop die kerklike jaar uiteindelik in die prediking funksioneer. Die insigte van die homiletiek en liturgiek, asook die ekklesiologie, as kontekste waarbinne die kerklike jaar funksioneer, is belangrik vir hierdie ondersoek. Die kerklike jaar hou direk verband met die prediking en die liturgiese viering van die kerk deur die eeue. Die kerklike jaar kan nie losgemaak word van die kerklike milieu waarbinne dit ontstaan en ontwikkel het nie.

Die pneumatologiese, antropologiese en agogiese perspektiewe wat hier verkry is, is nie net nodig om te dien as raamwerk vir die ondersoek nie, maar dit speel ook 'n ewe belangrike rol in die verrekening van die omstandighede waarbinne die prediking voltrek word. Alleen die Gees kan mense verander en wanneer die prediker vertroud is met die "binne-werking" van die hoorder van die prediking en die veranderende omstandighede as konteks waarin albei hulleself bevind, kan groter effektiwiteit bewerkstellig word in die kommunikatiewe handelinge van die gemeente in diens van die evangelie.

Deur die kerklike jaar in die prediking te benut, kan verskeie aanknopingspunte gevind word tussen die prediking, liturgiese elemente, simbole binne die erediens asook die pastorale funksies van die kerk in wisselwerking met die gemeenskap - veral in haar seisoene en feeste. In die volgende hoofstuk word nader ingegaan hierop.